UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

Jaarverslag 2001

Pectora roborant cultus recti.
Die regte opvoeding versterk die karakter.

INHOUD

2 Boodskap van die Kanselier
3 Die Rektoraat, Registrateur en Hoofdirekteure
3 Die Universiteitsraad
4 Verslag van die Rektor en Visekanselier en die Voorsitter van die Raad
11 Aanvullende opmerkings deur die Rektor en Visekanselier
12 Senaatsverslag aan die Raad insake Onderrig, Navorsing en Gemeenskapsdiens
19 Die Institusionele Forum
20 Fakulteitsverslae
20 Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
21 Gesondheidswetenskappe
22 Ingenieurswese
23 Krygskunde
24 Landbou- en Bosbouwetenskappe
25 Lettere en Wysbegeerte
26 Natuurwetenskappe
27 Opvoedkunde
28 Regsgeleerdheid
29 Teologie
28 Aanvullende Statistiek 2001
Kwalifikasies toegeken
Studentetal per fakulteit
30 Eerbewyse deur die Universiteit
Eregrade
Kanseliersmedalje
32 Verklaring oor Werker- en Studentedeelname
32 Die Universiteit se Etiese Kode
34 Universiteitsraad se verklaring oor Korporatiewe Bestuur
34 Universiteitsraad se verantwoordelikheid vir Finansiële Verslagdoening
35 Ouditeursverslag
36 Rekeningkundige Beleid
37 Balansstaat
38 Inkomstestaat
39 Staat van Veranderinge in Ekwiteit
39 Kontantvloeistaat
40 Aantekeninge tot die Finansiële Jaarstate

UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

Jaarverslag 2001



A university is not a lecture-theatre, or a library, or a laboratory; it is not a building or a place at all; its essence is a frame of mind. The real university is . . . a collection of students who possess the will to knowledge – the will to possess it and still more the will to advance it.

Aanhaling uit *The Making of a University*, 'n lesing deur prof S J Shand by geleentheid van die aanname van die eerste Wet op die Universiteit van Stellenbosch, 1916.

Boodskap van die Kanselier

Trou aan reeds verklaarde verbintenisse, het die Universiteit in 2001 met welslae haar vermoëns, kundigheid en bronne tot voordeel van die gemeenskap in die breë aangewend.

PROF ELIZE BOTHA,
Kanselier

Almal wat deel uitmaak van die Universiteit Stellenbosch, en almal wat deel in die lotgevalle van ons alma mater, kan met dankbaarheid, miskien selfs genoegdoening, oor die jaar 2001 heen terugkyk.

Die Universiteit het in alle fasette haar verklaarde verbintenisse gestand gedoen: om – so word dit in die Strategiese Raamwerk geformuleer – in erkentenis van haar historiese verbondenheid aan die mense en gemeenskappe waaruit sy ontstaan het, met die oog op die toekoms (haar) vermoëns, kundigheid en bronne aan te wend tot voordeel van die Suid-Afrikaanse gemeenskap in die breë, en om taalvriendelik te wees, met Afrikaans as vertrekpunt.

Soos toenemend die geval was in die jongste jare, het die Universiteit haar steeds uitdrukliker geposisioneer as 'n instelling wat internasionaal hoog aangeskryf staan en wat 'n gesogte bestemming vir buitelandse studente is.

Om hierdie diens te kan lewer, om hierdie uitnemendheid uit te bou en uit te straal, ver buite die grense van ons dorp, ons land, selfs ons kontinent, moet die hart van die Universiteit, dit wil sê die waardes waarvolgens haar aktiwiteite gerig word en, daarmee samehangend, die lewenskwaliteit en lewenshouding van haar studente, gesond gehou word. Hieraan is deur die jaar baie sorg bestee. Dit het onder andere beteken dat tradisies en gebruike in die studentelewe waardeur Stellenbosch deur baie dekades heen ook trekkrag uitgeoefen het, ondersoekend bekyk moes word. Dit het ook beteken dat die veiligheid, die geborgenheid van ons studente baie aandag geniet.

Nie net die eise van die tyd binne ons eie landsomstandighede het dit nodig gemaak nie. New York, 11 September 2001, het ons tot 'n nuwe besef geruk van die broosheid, die weerloosheid van die mens. Dit laat ons ook opnuut die kosbaarheid van 'n enkele mens insien, en die waarde van gewoon menslike dinge. Die lewe en welsyn van elke student, elke werknemer op ons kampus, is ons sorg en ons bekommernis werd.

Die jaar 2001 het ook die einde van 'n besondere hoofstuk in die geskiedenis van ons Universiteit gebring: ons het afskeid geneem van prof Andreas van Wyk, sesde Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, en mev Magdaleen van Wyk. Prof Van Wyk het sy ampstermyn begin in 1993, toe ons land en daarom ook ons Universiteit op die drumpel van groot verandering gestaan het. Hy was uitnemend toegerus om in 'n hoogs veeleisende tyd die Universiteit met vaste hand te bestuur en te lei tot die nuutgeformuleerde visie van kennisvennoot te wees binne 'n strategiese raamwerk wat ons volledig tuisbring in 'n nuwe bedeling. Die tydlose verbintenis van ons Universiteit tot akademiese uitnemendheid het hy in sy statuur van akademikus van wêreldformaat beliggaam.

Daarby het Andreas en Magdaleen van Wyk sigbaar en met geesdrif aan die menslike vreugdes van die daaglikse lewe op ons kampus meegedoen, en ook daarin 'n voorbeeld gestel. Ons dank hulle van ganser harte daarvoor en wens hulle vir die nuwe hoofstuk wat nou in hulle lewe aanbreek, veel voorspoed en voldoening toe.

Elize Botha

Prof Elize Botha
Kanselier

Die Rektoraat, Registrateur en Hoofdirekteure



PROF ANDREAS VAN WYK,
Rektor en Visekanselier

PROF WALTER CLAASSEN,
Viserektor (Navorsing)



PROF ROLF STUMPF,
Viserektor (Onderrig)

PROF JULIAN SMITH,
Viserektor (Bedryf)

PROF SERF KRITZINGER,
Registrateur tot 30.09.2001

MNR JOHANN ASPELING,
Registrateur vanaf 1.10.2001

PROF KOBUS VAN WYK,
Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne



MNR NICO BASSON,
Hoofdirekteur: Finansies en Dienste



PROF PIET DU PLESSIS,
Hoofdirekteur: Studentesake

Die Universiteitsraad

SOOS OP 24 JUNIE 2002

Die Rektor en Visekanselier
● ■ ◆ Prof CH Brink

Viserektor (Navorsing)
Prof WT Claassen

Viserektor (Bedryf)
◆ Prof JF Smith

Viserektor (Onderrig)
Vakant

Deur die permanente akademiese personeel (nie-Senaatslede) benoem
Mnr ACL Henderson

Deur die permanente nie-akademiese personeel benoem
Mev S Barnardo

Deur die Institusionele Forum benoem
Me YH Malan

Deur die Minister benoem
● Prof JJF Durand
Me L Matthews
Dr Y Muthien
Mnr M Yoyo

Deur die Konvokasie benoem
Mnr JP Bekker
● ■ Dr E de la H Hertzog (Ondervoorsitter)
Mnr RS de la Bat
● ■ ◆ Mnr DK Smith (Voorsitter)
Mev GM Landman
◆ Dr CH Wiese

Deur die Senaat benoem
● Prof JSA Fourie
■ Prof L van Huyssteen
Prof AA van Niekerk

Deur die Munisipaliteit benoem
Mnr AP van der Westhuizen

Deur die donateurs benoem
◆ Mnr GT Ferreira
▼ Dr PF de V Cluver
● ▼ ■ ◆ Mnr GS van Niekerk

Deur die Raad van die Nasionale Navorsingstigting benoem
Vakant

Deur die sakesektor in die Stellenbosch-distrik benoem
Me ME Moolman

Deur die Wes-Kaapse Provinsiale Regering benoem
Dr F Sonn

Deur verteenwoordigende liggame van die burgerlike samelewing benoem
Mev E le Roux
● Me L Snyman

Deur die Studenteraad benoem
Mnr DF Fyfer
Mnr A van Zyl

Die volgende nie-Raadslede is deur die Raad benoem as addisionele lede in die Ouditkomitee
▼ Mnr JP Bester
▼ Mnr BHJ Wessels

Die volgende nie-Raadslede dien in die Beleggingskomitee
◆ Mnr PG Steyn
◆ Mnr JF Mouton
◆ Mnr MH Visser
◆ Mnr NJ Basson

● *Lede van die Uitvoerende Komitee van die Raad*
▼ *Lede van die Ouditkomitee van die Raad*
■ *Lede van die Menslike Hulpbronnekomitee van die Raad*
◆ *Lede van die Beleggingskomitee (subkomitee van die Uitvoerende Komitee van die Raad)*

Verslag van die Rektor en Visekanselier en die Voorsitter van die Raad

Baie denke en tyd is in 2001 aan die implementering van die strategiese raamwerk, die finalisering van gedesentraliseerde bestuur, die posisionering ten opsigte van die Nasionale Werkgroep en die programdokument van die Departement van Onderwys bestee.

PROF ANDREAS VAN WYK,
Rektor en Visekanselier, en
MNR DESMOND SMITH (regs),
Voorsitter van die Universiteitsraad

Hierdie verslag oor die bestuur van die Universiteit Stellenbosch in 2001 geskied aan die hand van die voorskrifte van die Departement van Onderwys se handleiding van Desember 2001, behalwe vir die afwyking dat daar met 'n gesamentlike verslag van die Raadsvoorsitter en die Rektor en Visekanselier volstaan word. Dit word gedoen om onnodige duplisering te voorkom. Dit is ook belangrik om daarop te wys dat die inhoud wat deur die handleiding vereis word, net 'n deel van die breër US-prent skets.

Die Raadsvoorsitter wil vermeld dat sowat 90% van die lede in die verslagjaar al ses vergaderings van die Universiteitsraad bygewoon het.

A. BESTUURSTEIKENS EN -PRESTASIES

Uit die vooruitskouing in die Jaarverslag vir 2000 blyk drie hoofdoelwitte vir die US se bestuur in 2001:

Die US se reaksie op en posisionering rakende die verslag van die Nasionale Werkgroep en die programdokument van die Departement van Onderwys

Na verwagting sal die uiteindelike verslag van die Nasionale Werkgroep (NWG) wat deur die Minister van Onderwys aangestel is die US veral raak met betrekking tot Afstandsonderwys (AO), die Bellvilleparkkampus en die Fakulteit Gesondheidswetenskappe. Daarom is die Afdeling Deeltydse Studie reeds op 31 Desember 2001 gesluit en is 'n taakgroep onder leiding van die Senior Direkteur: Strategiese Inisiatiewe, prof Tobie de Coning, aangewys om alternatiewe vir die Bellvilleparkkampus se toekoms te ondersoek. Die Fakulteit Opvoedkunde is ook gevra om indringende aandag aan sy AO-programme te gee, weens die onttrekking van sy huidige privaatsektor-vennoot. Die US bly egter verbind tot AO op nagraadse vlak.

Die samesmelting van Geneeskunde en Tandheelkunde tot een nuwe Fakulteit Gesondheidswetenskappe is in 2001 geslaagd geïmplementeer. Die druk vir groter samewerking op nagraadse vlak met die Universiteit van Kaapstad se Gesondheidswetenskappe-fakulteit gaan beslis toeneem. In hierdie verband het die Viserektor (Onderrig) reeds met gesprekke die leiding geneem. Die Skool vir Mondheelkunde kan veral in die NWG-verslag ter sprake kom. Met die bestaande noue integrasie tussen die vyf skole in die nuwe fakulteit sou dit 'n terugwaartse stap wees as daar twyfel oor die toekoms van die US se Skool vir Mondheelkunde ontstaan.

Daar is met belangstelling kennis geneem van die konsepverslag van die Gerwel-komitee oor die taalkwessie in Hoër Onderwys en verskeie gesprekke is met ander Afrikaanse rektore daaroor gevoer. Daar is nog geen besluite bekend nie, maar die aanduidings is dat die US – ook betreffende die owerheid – heeltemal op die regte spoor is in sy verbintenis tot Afrikaans en sy posisionering as 'n inklusiewe Afrikaanse universiteit.

Onder I op bl. 9 – 10 word meer gesê oor die Departement van Onderwys se ondersoek na programme in die hoër onderwys.

Implementering van die Strategiese Raamwerk (SRW)

Onder die deeltydse leiding van prof JP Groenewald, Senior Direkteur: Navorsing, het die Rektor heelwat aandag aan hierdie saak gegee. Daar was verskeie sessies van die projekspan en goeie vordering is veral met die prioritisering van strategiese kwessies gemaak. 'n Nuttige werkwinkel oor sakerisiko's vir die US is met behulp van PriceWaterhouse-Coopers gehou. Prof Tobie de Coning se pos is herdoop tot dié van Senior Direkteur: Strategiese Inisiatiewe (onder andere omdat Afstandsonderwys aan die Universiteit nou 'n meer operasionele saak geword het en omdat dit na die NWG se verslag waarskynlik minder prominent sal wees) en hy het die verantwoordelikheid vir die Strategiese Raamwerk van prof Groenewald oorgeneem.

Dankie aan albei vir hulle besondere bydraes. Ons sou graag vinniger vordering wou sien, maar agterstallige besluite oor die Nasionale Plan vir Hoër Onderwys en die aktiwiteite van die NWG het sake bemoeilik. Nietemin moet onthou word dat baie SRW-strewes neerslag gevind het in ander aksies, soos die bevordering van 'n voorgraadse leerkultuur, die ondersoek na nagraadse studie en stappe rakende tydelike en deeltydse personeel.

Die vestiging van 'n werklik strategiese bestuurstyl is 'n groot uitdaging vir die nuwe Rektor.

Finalisering van gedesentraliseerde bestuur

Die US het in 2001 baie denke en tyd bestee aan finale besluite oor die vestiging van 'n stelsel van verantwoordelikheidsentrumbestuur (VSB). Die Rektor kon sy ideaal bereik om hierdie saak voor sy uittrede af te handel. Die grootste deel van die werk is egter gedoen deur die Viserektor (Bedryf) en mnre Nico Basson en Manie Lombard van die Afdeling Finansies, aan wie baie dank verskuldig is. Die taak om 'n verdedigbare formule te vind vir die verdeling van fondse tussen fakulteite en administratiewe afdelings as verantwoordelikheidsentra, is bemoeilik deur die voortslepende onsekerheid oor die nuwe befondsingsraamwerk van die staat, omdat die interne formule by die staat s'n moet aansluit. Moeilike besluite moes geneem word; 'n konsensus tussen veral die dekane was nie altyd moontlik nie, maar daar is groot waardering vir al die betrokkenes se samewerking.

Die uiteindelike resultaat van die VSB-proses is positief, maar skaafwerk aan byvoorbeeld die kostefaktore sal nog nodig wees. Die nuwe benadering tot die vasstelling van studentegelde moet ook nog sy houdbaarheid bewys. Nog 'n uitdaging is die suksesvolle implementering van die stelsel, waarvoor die finansiële kundigheid van veral dekane baie belangrik gaan wees. Die Raad se Komitee vir Menslike Hulpbronne het dan ook besluit dat alle nuut aangestelde dekane bestuursopleiding moet ontvang. Die ervaring tydens die gesprekke oor die VSB-model het getoon dat ook van die huidige ampsbekleërs daarby baat sal vind.

PROF CHRIS BRINK

Prof Chris Brink, 'n Suid-Afrikaanse wiskundige, voorheen verbonde aan die Wollongong Universiteit in Australië, is vanaf 1 Januarie 2002 aangestel as nuwe Rektor en Visekanselier van die Universiteit.

Bogenoemde prosesse het beteken dat die begrotingsproses vir 2002 besonder moeilik was. By die goedkeuring van die begroting het die Raad tereg aan die einde van 2001 besluit dat daar in 2002 op sowel akademiese as administratiewe gebied sterk na keuses gekyk moet word om 'n beduidende verskraling van die US se uitgawebasis te bewerkstellig.

B. OPERASIONELE AANGELEENTHEDE

Die belangrikste senior aanstelling was uiteraard dié van 'n nuwe Rektor en Visekanselier na die aftrede met pensioen van prof Van Wyk op 31 Desember 2001. Die Raad het 'n keuse tussen twee uitstekende kandidate gehad en het besluit op prof CH Brink, 'n Suid-Afrikaanse wiskundige, verbonde aan die Wollongong Universiteit in Australië, wat die pos op 1 Januarie 2002 oorgeneem het.

'n Verdere belangrike aanstelling was dié van mnr Johann Aspeling as Registrateur met ingang 1 Oktober 2001 in die plek van prof Serf Kritzinger, wat met pensioen uitgetree het, maar bereid was om die Universiteit nog 'n paar maande lank in 'n waarnemende hoedanigheid te dien. Dank aan hom en sterkte aan mnr Aspeling, wat reeds goeie werk as Adjunkregistrateur gelewer het. Mej Lazelle Bonthuys is in 'n

nuwe pos as Adjunkregistrateur (Algemeen) aangestel en het daarmee die mees senior vrou in die universiteitsbestuur geword.

Die US se grootste fakulteit, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, wat besondere bestuursuitdagings stel, was gelukkig om die diens van prof Estian Calitz, 'n bekende ekonoom en voormalige direkteur-generaal van Finansies, as Dekaan te bekom met ingang 1 Julie 2001 in die plek van prof JA Matthee, wat met pensioen uitgetree het.

Die prosesse vir die aanwysing van nog drie dekane – in die fakulteite Lettere en Wysbegeerte, Natuurwetenskappe en Ingenieurswese – het in 2001 begin. Eersgenoemde twee dekane, proff IJ van der Merwe en FJW Hahne, het die aftree-ouderdom bereik, terwyl prof PW van der Walt van Ingenieurswese besluit het om in April 2002 met vervroegde pensioen te gaan om hom by die privaat sektor aan te sluit. Op versoek van die aangewese Rektor, prof Brink, is die prosesse egter in November 2001 voorlopig gestaak, sodat hy self die leiding daarmee kon neem.

Die Hoofdirekteur: Studentesake, prof Piet du Plessis, en die Direkteur: Kantoor vir Intellektuele Eiendom, prof Christo Viljoen, se termyne het op 31 Desember 2001 verstryk. Die Raadskomitee vir Menslike Hulpbronne het op versoek van prof Van Wyk besluit om dié termyne tot einde Junie 2002 te verleng sodat die nuwe Rektor aanbevelings oor die vulling van hierdie poste aan die Raad kan maak.

Die Rektoraat en die Rektor se Dagbestuur het as effektiewe spanne gefunksioneer. Hier moet veral die nuwer lede, nl. prof Rolf Stumpf, die Viserektor (Onderrig), en prof Julian Smith, die Viserektor (Bedryf), genoem word. Prof Stumpf se aanstelling as die volgende Rektor en Visekanselier van die Universiteit van Port Elizabeth vanaf 1 April 2002 is 'n groot wins vir daardie instelling en 'n verlies vir Stellenbosch.

Die jaar 2001 is gekenmerk deur talle prestasies en inisiatiewe op verskeie terreine van die sentrale bestuur.

C. BESTUURSPRESTASIES

Talle inisiatiewe en prestasies op verskeie terreine van die sentrale bestuur en in die fakulteite het die jaar 2001 gekenmerk.

Soos vermeld, was die begrotingsproses wat saam met die ontwikkeling van die VSB-stelsel gehanteer moes word besonder veeleisend, maar nietemin geslaagd. Die Afdeling Informasietegnologie onder die leiding van mnr Helmi Dreijer het, saam met Menslike Hulpbronne onder prof Kobus van Wyk en die Regsafdeling gelei deur adv Werner Vermaak, die opstel en aanvaarding van 'n elektroniese kommunikasiebeleid (EKB) vir die Universiteit se personeel en studente afgehandel. Die EKB is ook aan ander universiteite en technikons beskikbaar gestel. Van deurslaggewende belang vir die US se toekoms is die e-Kampusstrategie wat einde 2001 deur die Raad goedgekeur is en met 'n groot belegging van R14 miljoen per jaar vir ses jaar gefinansier word. Hierdie strategie, wat ten doel het om die US op alle terreine by die elektroniese era in te skakel, is gedryf deur 'n groep onder leiding van prof Stumpf, bygestaan deur die leiers van Informasietegnologie. 'n Deel van die strategie word na verwagting reeds vroeg in 2002 geïmplementeer wanneer 'n knapkaartstelsel (*smart card*) vir gebruik deur studente en personeel ingevoer word.

Daar was belangrike ontwikkelinge rakende die bestuur van die Universiteit se belangrikste bate, nl. sy mense, waaronder die aanvaarding van 'n vergoedingstelsel gebaseer op 'n sogenaamde omvattende pakketbenadering vir alle personeel. Hierdie stap is voorafgegaan deur die verkryging van deskundige advies en omvattende oorlegpleging met personeelverenigings en personeellede. Die stelsel sal op 1 Maart 2002 in werking tree.

Besluite is ook geneem oor tydelike en deeltydse personeel (kyk E hieronder). 'n Besondere prestasie was die suksesvolle afhandeling van die hofsaak tussen die Universiteit en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) in verband met die US se inkomstevervangende hantering van personeellede se byvoordele, waar die SAID 'n poging tot appèl laat vaar het. Die US se optrede en goeie trou in die aangeleentheid is dus op ondubbelsinnige wyse deur die Kaapse Spesiale Inkomstebelastinghof bevestig.

Met 'n relatief ou kampus en geboue is die optimale aanwending van die fasiliteite nie sonder probleme nie. Die voltooiing en goedkeuring van die tweede fase van die fisiese meesterplan vir die Stellenbosse kampus was dus 'n belangrike stap. Soos in die verlede, is goed daarin geslaag om die Universiteit se kampusse in stand te hou en dus hulle aantreklikheid te verseker, ondanks begrotingsprobleme. Hier moet mnr John Villet, die hoof van Instandhouding, se leidende rol genoem word.

Al die opvolgaksies voortvloeiend uit die ondersoek na kampusveiligheid wat deur erkende buitelandse deskundiges gedoen is, is nog nie afgehandel nie. Die bevindings oor die bestaande veiligheidstelsels en -maatreëls aan die US was baie positief, maar sekere aanbevelings moes verder ondersoek word, onder andere met die oog op finansiële implikasies.

D. PERSONEELVOORSIENING

Die Universiteit Stellenbosch het 'n gesogte werkgewer gebly en oor die algemeen was daar nie probleme met personeelvoorsiening nie. Ook personeelomset het laag gebly.

Die verkryging en behoud van drie kategorieë personeel het nietemin uitdagings gestel. Die eerste was IT-personeel, waaraan daar (onder andere weens emigrasie) 'n algemene tekort in ons land bestaan. Danksy mnr Helmi Dreijer en sy kollegas se bestuursvernuf en die interessante ontwikkelingswerk het die US egter heelwat beter as ander Suid-Afrikaanse instellings gevaar. Tweedens is daar die algemene tekort aan kandidate uit die sogenaamde aangewese groepe waarna hieronder in E weer verwys word. Ten slotte is akademici van werklik internasionale gehalte altyd gesog. Deur die stel van hoë vereistes in die aanstellingsproses en die aktiewe werwing van uitstaande mense is daar tog daarin geslaag om goeie aanstellings te maak. Gelukkig word die US nie in dieselfde mate as sommige ander instellings deur emigrasie geraak nie, wat in hierdie tyd van toenemende internasionale mobiliteit baie vir die lojaliteit van die US se akademici sê.

Afgesien van die noodsaak om die bestuursvaardighede van dekane te ontwikkel, sal die bestuur van akademiese departemente meer aandag moet ontvang. Ook die ontwikkeling van die potensiaal van personeel in laer posvlakke het nog nie ten volle tot sy reg gekom nie.

'n Verwante probleem is die nuwe eise wat voortdurend deur die owerheid aan ons universiteite gestel word, met gevolglike nuwe personeelimplikasies op die terreine van bv. bestuursinligting, menslike hulpbronne, beplanning en finansies. Voeg hierby die amperse onmoontlikheid om behoorlike personeelbeplanning op die langer termyn te doen weens die feit dat daar steeds, na vele beloftes deur die Departement van Onderwys, geen duidelikheid oor die owerheid se nuwe befondsingsraamwerk vir hoër onderwys is nie.

E. BILLIKHEIDSTEIKENS

Die Viserektor (Bedryf), prof Julian Smith, het die US se beplanning en aksies volgens die Wet op Diensbillikheid met groot toewyding en deursettingsvermoë behartig. Die Raad het in Desember 2000 die Universiteit se plan ingevolge dié Wet goedgekeur. Die plan voorsien 'n verskuiwing van 15% oor drie jaar ten gunste van personeellede in die aangewese groepe. In 2001 is met die monitering van vordering begin, maar dit is nog te vroeg om 'n duidelike gevolgtrekking te kan rapporteer. Daar is in elk geval reeds baie groter bewustheid van die noodsaak vir betekenisvolle vordering in alle omgewings. Dit is 'n proses waarin daar nou 'n duidelike impetus is, hoewel die probleme met die werwing en behoud van geskikte kandidate nog lank sal duur. Die US se gegewens vergelyk egter reeds goed met dié van vergelykbare instellings.

'n Mylpaal is bereik met die Raad se goedkeuring aan die einde van 2001 van 'n heeltemal nuwe beleid oor tydelike en deeltydse personeel – in die praktyk meestal vroue – se diensvoordele. Dié beleid is opgestel

PERSONEEL: AKADEMIES

	Professore	Mede-professore	Senior Lektore	Lektore	Junior Lektore	Totaal
Lettere en Wysbegeerte	30	17	33	57	13	150
Natuurwetenskappe	29	19	43	36	6	133
Opvoedkunde	7	3	10	18	3	41
Landbou- en Bosbouwetenskappe	15	7	28	9	0	59
Regsgeleerdheid	12	1	9	4	0	26
Teologie	8	3	1	1	0	13
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	26	14	43	32	8	123
Ingenieurswese	23	9	36	7	3	78
Gesondheidswetenskappe	31	16	26	41	8	122
Krygskunde						53*
Totaal	**181**	**89**	**229**	**205**	**41**	**798**

** Nie-vergelykbare rangstruktuur*

PERSONEEL: NIE-AKADEMIES

Uitvoerend-administratief	96
Spesialis-ondersteunend	78
Administratief	597
Tegnies	256
Dienspersoneel	390
Vak- en ambagsmanne	47

na een van die omvangrykste oorlegplegingsaksies in die Universiteit se bestaan. Dit behoort, binne die perke van finansiële haalbaarheid, aandag te gee aan alle billike verwagtings van hierdie personeelgroep.

Die Universiteit se eerste Vigsbeleid vir personeel en studente, gebaseer op internasionale en nasionale modelle, is eweneens aan die einde van 2001 gefinaliseer. Die Viserektor (Bedryf) en die Hoofdirekteur: Studentesake het die leiding hiermee geneem.

Danksy doelbewuste werwingsaksies deur Voornemende Studente, 'n onderafdeling van Korporatiewe Sake, en verbeterde finansiële steun is goeie vordering met die inskrywing van meer voorgraadse studente uit voorheen benadeelde skole gemaak. Die vordering was egter nie so vinnig soos gehoop is nie, onder andere weens die agteruitgang in matriekresultate en vervoer- en behuisingsprobleme op Stellenbosch. 'n Spesiale ondersoek hieroor is op versoek van die Raad gedoen, wat onder andere tot 'n drastiese verhoging in die US se beursbegroting vir 2002 gelei het.

Die toenemende diversiteit in ons universiteitsgemeenskap vereis meer doelbewuste aandag aan die bestuur daarvan. Prof Julian Smith het met buitekonsultante se hulp begin met 'n verskerpte proses van bewusmaking en opleiding in veral die studentegemeenskap.

Die US word algemeen erken as 'n leier met die voorsiening van geriewe vir studente met gestremdhede. Fisiese aanpassings vir dié doel geniet voortdurende aandag, ook in die begroting.

F. BESTUURSINLIGTING

Die gehalte van bestuursinligting aan die US het dramaties verbeter sedert die diensaanvaarding van dr Gert Steyn by die Universiteit. Hy was vroeër verbonde aan die nasionale Departement van Onderwys.

Goeie vordering is gemaak met die inskrywing van meer voorgraadse studente uit voorheen benadeelde skole.

Addisionele kapasiteit sal egter in die klein Afdeling Bestuursinligting, wat aan die Viserektor (Onderrig) rapporteer, geskep moet word indien die staat se rapporteringsvereistes voortgaan om teen dieselfde tempo as die afgelope drie jaar toe te neem.

Een terrein waar nog ernstige probleme met bestuursinligting ervaar word, is dié van personeelsake, veral vergoeding. Verskeie stappe is reeds in dié verband gedoen en daar is vordering gemaak, maar die situasie is nog nie bevredigend nie en verg verdere aandag.

G. STUDENTE-AANGELEENTHEDE

'n Laagtepunt vir die Universiteit in 2001 was die tragiese dood van Charl Strijdom, 'n tweedejaarstudent van Huis Visser, tydens 'n inlywingsgeleentheid van die koshuis. Mnr Strijdom is in die Helshoogtepas deur 'n voertuig doodgery toe hy en koshuisvriende in die donker daar gestap het. Politici en die media het die gebeurtenis aangegryp om die US van menseregteskendings te beskuldig. Daar was uiteraard ook geregverdigde kommer by veral ouers oor praktyke wat, ondanks jarelange pogings deur die Universiteit, nog in sommige manskoshuise plaasvind.

Die daaropvolgende landwye ondersoek deur die Kommissie vir Menseregte, wat ook die Stellenbosse kampus besoek het, het positiewe gevolge gehad, veral deurdat dit die erns van die saak regstreeks by studenteleiers en gewone studente tuisgebring het. Hierdie probleem kan net in samewerking met die koshuisgemeenskap finaal opgelos word en nie van bo af nie. Dat houdings op so 'n manier verander kan word, blyk uit die aanvaarding van 'n etos deur elke koshuis en uit die voorbeeld van Wilgenhof, miskien die mees tradisievaste manskoshuis, wat sy volle samewerking vir die hervorming van sy byna 100 jaar oue interne dissiplinêre gebruike gegee het. Besondere dank is verskuldig aan die betrokke professore in die Regsfakulteit vir hulle opbouende rol ten opsigte van Wilgenhof.

Die Strijdom-gebeure het ook daartoe gelei dat die US sy reëls en prosesse vir die persoonlike begeleiding van nuwelinge en ander studente weer onder die loep geneem het. Die uitgangspunt hiermee was nie soseer regulerend nie, hoewel sommige reëls ook aangepas is, maar eerder 'n beklemtoning van die belang van 'n sterk leerkultuur aan die US. Daarom is die verwelkomingsprogram vir die begin van die nuwe akademiese jaar met ingang 2002 veryroeg en totaal anders gestruktureer. Hier moet die besondere rol van die Uitvoerende Komitee van die Senaat en van prof Piet du Plessis uitdruklik genoem word. Ter versterking van die leerkultuur het die uittredende Rektor twee wisselbekers aan onderskeidelik die bes presterende dames- en manskoshuis op die Stellenbosse kampus geskenk.

Die positiewe rol van die Studenteraad tydens 2001 moet vermeld word. Die SR-voorsitter wat in September 2001 verkies is, mnr Anton van Zyl, was die primarius van Huis Visser tydens die Strijdom-tragedie en het hom destyds en daarna deur sy leierskap onderskei.

Beplanning op sportgebied het baie aandag gekry. Daar is goed gevorder met 'n poging om die US se waardevolle sportinfrastruktuur

met behulp van buitekapitaal op te gradeer. Mej Jackie Wiese het 'n welverdiende bevordering tot Adjunkdirekteur: Sport gekry. Die rugbyklub, wat in 'n sterk professionele omgewing moet funksioneer, is gehelp om 'n voltydse afrigter in die persoon van die bekende dr Phil Pretorius aan te stel. Daar was ook die gewone reeks uitstekende sportprestasies deur Maties as individue en in spanne. Die feit dat die dameshokkiespan vir 'n ongeëwenaarde elfde keer die nasionale klubkampioene geword het, was 'n besondere hoogtepunt.

Op kulturele gebied verwerf die jaarlikse Afrikaanse Woordfees aan die US 'n al groter glans. Saam met dr Dorothea van Zyl van die Departement Afrikaans en Nederlands, prof Izak van der Merwe, Dekaan van Lettere, mnr Kobus Visagie, Senior Direkteur van Korporatiewe Sake, en andere is verskeie indringende gesprekke gevoer om die toekomstige fokus van dié fees duideliker te omlyn.

H. GEMEENSKAPSVERHOUDINGE

Die Universiteit is baie bewus van die belang van sy verhoudinge met die breë gemeenskap, veral in sy onmiddellike omgewing en met die minder gegoede deel daarvan. Nuwe impetus vir 'n beter koördinasie van al die US se gemeenskapsdiensaksies is verkry deur die aanstelling van dr Doria Daniels as Direkteur: Gemeenskapsdiens in die Afdeling Korporatiewe Sake. Die inisiatief het grotendeels van mnr Kobus Visagie uitgegaan, wat ook die buitefinansiering vir die pos verkry het. Dit het ook gelei tot die vorming van die Eenheid vir Diensleer en Gemeenskapsinteraksie.

Matie Gemeenskapsdiens het mev Joan Mödinger in die sleutelpos van Direkteur aangestel nadat mnr Pieter Cloete afgetree het.

Wye erkenning vir die Universiteit se betrokkenheid by een van ons land se grootste uitdagings is verkry deur die instelling en eerste aanbieding van die Nagraadse Diploma in MIV/Vigsbestuur. Die diploma, wat in vennootskap met Medunsa aangebied word, is tydens 'n dinee deur adjunkpresident Jacob Zuma in Pretoria bekendgestel.

I. VERNUWING IN AKADEMIESE PROGRAMME

Die voortdurende deeglike hersiening van akademiese programme deur die Akademiese Beplanningskomitee onder die Viserektor (Onderrig) se voorsitterskap en deur die Senaat het in 2001 voortgegaan.

Van groot belang was die voorlegging aan en daaropvolgende gesprek met verteenwoordigers van die Departement van Onderwys oor die Departement se ondersoek na die aanbieding en gehalte van programme in die hele hoër onderwys (die sogenaamde *Programme Mix & Quality* -ondersoek). Verskeie belangrike kwessies is aan albei kante geopper, maar vier word hier vermeld, waarin die Departement se siening grotendeels die benadering van die US en sy Akademiese Beplanningskomitee bevestig.

1. *Verspreiding tussen fakulteite:* Die US is baie sterker as die nasionale norm in die natuurwetenskappe en tegnologie, wat verwelkom word. Daar bestaan egter kommer by sowel die US as die Departement van Onderwys oor die groot getal studente in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, met gevolglik hoë uitsaksyfers en 'n risiko vir gehalte.
2. *Voorgraadse diplomas:* Daar was konsensus dat sulke diplomas nie deur 'n instelling wat hom soos Stellenbosch posisioneer, aangebied behoort te word nie. Dit het implikasies vir bv. die Diploma in Mondhigiëne.
3. *Afstandsonderwys (AO) aan die US:* Die Departement het 'n baie negatiewe benadering tot afstandaanbieding deur tradisioneel residensiële universiteite. Die US aanvaar dat dit nie deel van sy opdrag is om voorgraadse progamme op hierdie wyse aan te bied nie, maar meen dat die Minister en die Departement se benadering te simplisties is. Die onderskeid tussen kontakonderrig en elektronies gesteunde onderrig word al onbelangriker en die US sien wel deeglik vir hom 'n AO-toekoms ten opsigte van hoogs gespesialiseerde en nagraadse programme, soos reeds hierbo vermeld.
4. *Uitfasering van programme:* Sowel die US as die Departement aanvaar dat Stads- en Streekbeplanning in die Wes-Kaap slegs by die Universiteit van Kaapstad aangebied behoort te word en dat Verbruikerswetenskap (Huishoudkunde) deur technikons gehanteer moet word. Die ontbondeling van die US se huidige Departement Verbruikerswetenskap is dan ook deur die Raad op sy laaste vergadering in Desember 2001 goedgekeur.

Geen vordering kon ongelukkig nog gemaak word met die nouer inskakeling van die Elsenburg-landboukollege by die US nie, hoewel verwag word dat die NWG so 'n stap sal aanbeveel.

Die Universiteit is baie bewus van die belang van sy verhoudinge met die breë gemeenskap, veral in sy onmiddellike omgewing.

Stellenbosch se groot aantrekkingskrag vir buitelandse studente is weer in 2001 bewys. Daar was ongeveer 1 200 buitelanders vir programme aan die Universiteit geregistreer, waarvan die helfte uit die res van Afrika afkomstig was. Veral bemoedigend was die inskrywing van groepe studente uit Eritrea en Gaboen met die finansiële steun van hulle onderskeie regerings. Tydens 'n amptelike besoek aan Libreville in Februarie 2001 het die Rektor 'n vennootskapsooreenkoms met die Gaboenese universiteite onderteken.

TOTALE INKOMSTE



Owerheidstoekennings 41,4%	(2000: 39,8%)
Studente-, inwonings- en ander gelde 20,5%	(2000: 20,2%)
Privaat skenkings, toekennings en kontrakte 20,3%	(2000: 20,4%)
Verkope van dienste en produkte 3,5%	(2000: 3,2%)
Rente en dividende ontvang 8,3%	(2000: 8,4%)
Wins met verkoop van bates 0,6%	(2000: 0,2%)
Gerealiseerde wins met verkoop van beleggings 4,6%	(2000: 7,8%)
Wisselkoerswins 0,8%	(2000: 0%)

TOTALE UITGAWES



Personeelkoste 48,2%	(2000: 50,8%)
Ander bedryfsuitgawes 44,1%	(2000: 41,3%)
Waardevermindering 5,2%	(2000: 5,4%)
Finansieringskoste 2,5%	(2000: 2,5%)

VERSLAG OOR DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE

Ingevolge artikel 41(2) van die Wet op Hoër Onderwys, no. 101 van 1997 (soos gewysig deur Wet no. 54 van 2000), is universiteite verplig om finansiële jaarstate aan die Departement van Onderwys voor te lê, wat voldoen aan Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk.

In Januarie 2002 is die tweede weergawe van die *Handleiding vir Jaarlikse Verslagdoening deur Hoër Onderwysinstellings* deur die Departement van Onderwys uitgereik, wat die rekeningkundige grondslae, praktyke en beleid, asook die formaat van verslagdoening voorskryf.

		Finansiële oorsig		
		Totale inkomste 2001	Toename %	Totale uitgawe 2000
Totale inkomste van herhalende aard	Rm	**997**	14,7	869
Owerheidstoekennings	Rm	**439**	16,8	376
% van inkomste	%	**44,0**		43,3
Studente en ander gelde	Rm	**217**	13,7	191
% van inkomste	%	**21,8**		22,0
Privaat toekennings	Rm	**214**	11,2	192
% van inkomste	%	**21,5**		22,1
Verkope van dienste en produkte	Rm	**38**	25,0	30
% van inkomste	%	**3,8**		3,5
Totale uitgawes	Rm	**858**	8,5	791
Personeelkoste	Rm	**421**	4,9	401
% van uitgawes	%	**48,2**		50,7
Kapitaal en reserwes	Rm	**1 427**	16,5	1 225
Beleggings	Rm	**849**	10,7	767

Die netto toename van R201,709 miljoen in kapitaal en reserwes, verteenwoordig 'n toename van R51,280 miljoen in onbeperkte fondse, wat diskresionêr deur die Raad aangewend kan word, en 'n toename van R150,429 miljoen in beperkte fondse, wat nie diskresionêr deur die Raad aangewend kan word nie. Beperkte fondse bestaan uit bedryfs-, lenings-, skenkings- en vaste batefondse met bepaalde voorwaardes vir aanwending. Die toename van R51,280 miljoen tot R55,039 miljoen by onbeperkte fondse is hoofsaaklik as gevolg van die vermindering van R12,140 miljoen in die voorsiening vir die na-aftrede mediese voordele vir pensioenarisse, wat van R224,420 miljoen afgeneem het tot R212,280 miljoen op 31 Desember 2001. Hierdie vermindering is as gevolg van 'n aanpassing in die onafhanklike aktuarisse se aanname vir mediese inflasie en veranderinge in die mediese fondsvoordele.

Totale inkomste van 'n herhalende aard het met 14,7% (2000: 8,4%) toegeneem tot R996,506 miljoen, terwyl totale uitgawes met 8,5%

toegeneem het tot R857,897 miljoen. Indien die effek van die voorsiening vir die na-aftrede mediese voordele egter buite rekening gelaat word, beloop die styging in totale uitgawes 14,1% (2000: 10,1%). Saam met die 26,7% toename in inkomste uit verkope van dienste en produkte, is bestuur se pogings om die tradisionele inkomstebronne toenemend aan te vul en uitgawes te beheer reeds suksesvol. Besigheidsprosesse word ook voortdurend geëvalueer om te verseker dat die Universiteit optimaal funksioneer teen die laagste moontlike koste.

Die Universiteit het die volgende beleggings in ongenoteerde filiale op 31 Desember 2001:

Naam van maatskappy:	Unistel Groep Beherend (Edms) Bpk
Aard van aktiwiteite:	Ontgin intellektuele eiendom en bronne van die Universiteit Stellenbosch vir navorsing, opleiding en kommersiële dienste
Effektiewe aandeelhouding:	100%
Boekwaarde van belang:	
– Aandele	R1 000
– Lening	R3 565 637

Naam van maatskappy:	Unistel Eiendomme (Edms) Bpk
Aard van aktiwiteite:	Verskaf inwoningsgeriewe aan studente
Effektiewe aandeelhouding:	100%, aangekoop op 1 Januarie 2001
Boekwaarde van belang:	
– Aandele	R1 000
– Lening	R33 413 329

Die gekonsolideerde finansiële state sluit ook die volgende trusts in op 31 Desember 2001:

Naam van trust:	Stellenbosch Trust
Aard van aktiwiteite:	Fondswerwing en belegging van skenkingsfondse
Lening aan trust:	RNul

Naam van trust:	Die Stellenbosch Ontwikkelingstrust
Aard van aktiwiteite:	Belegging in eiendom vir onderrig- en navorsingsaktiwiteite
Lening aan trust:	RNul

Prof AH van Wyk
Rektor en Visekanselier

Mnr DK Smith
Voorsitter van die Universiteitsraad

AANVULLENDE OPMERKINGS DEUR DIE REKTOR EN VISEKANSELIER

Die *Handleiding vir Verslagdoening* stel die vereiste dat hierdie verslag met 'n selfevaluering deur die Rektor moet eindig. Dit is, met alle respek, 'n vreemde vereiste vir 'n openbare dokument omdat dit maklik tot selfaanprysing sou kon lei. Daar word dus met die volgende volstaan.

As Rektor en dus hoof uitvoerende beampte van die Universiteit Stellenbosch was ek persoonlik by al die aksies en beplanning wat hierbo beskryf is, betrokke. Ek dra dus 'n deel van sowel die lof as die blaam daarvoor. Dit waarvoor daar lof is, sou nie moontlik gewees het sonder die samewerking van 'n uitstekende span mense in die algemene bestuur nie. Hulle was feitlik deurgaans ook my vriende en my beste wense vergesel hulle.

As voorsitter van SAUVCA, die Suid-Afrikaanse Vereniging van Visekanseliers, was ek in 2001 ook die segsman en leier van ons land se universiteitsrektore in 'n belangrike jaar. Dit was dikwels 'n veeleisende taak, maar dit was die moeite werd, danksy onder andere die uitstekende ondersteuning deur mev Piyushi Kotecha en haar span in die organisasie se sekretariaat. Deur SAUVCA het een bekommernis egter al hoe sterker by my gegroei, en dit is die toenemende inbreukmaking deur die owerheid op die noodsaaklike beginsel van universitêre outonomie, waaroor die laaste woord beslis nog nie gespreek is nie.

Ek was 11 jaar lank 'n lid van die Rektoraat van die US, daarvan 2½ jaar as Viserektor (Bedryf) en ten dele Waarnemende Rektor, en daarna Rektor en Visekanselier. My dank aan die verskillende raadsvoorsitters en die baie raadslede met wie ek saamgewerk het, en my opregte hulde aan twee merkwaardige kanseliers, dr JG van der Horst en prof Elize Botha. Dit was 'n dekade waarin Suid-Afrika 'n metamorfose ondergaan het, maar hulle woorde van wysheid hulle geldigheid behou het.

Die US is op 31 Desember 2001 nie net 'n goeie en hoog aangeskrewe instelling nie (hoewel daar altyd ruimte vir verbetering sal bly), maar ook *im Großen und Ganzen* 'n gelukkige een. Sy personeel bewys dit deur hulle lojaliteit. Mag dit so bly en dankie vir die voorreg om daartoe te kon bydra.

Andreas van Wyk
Rektor en Visekanselier
Regensburg, Duitsland

SENAATSVERSLAG AAN DIE RAAD INSAKE ONDERRIG, NAVORSING EN GEMEENSKAPSDIENS

Stellenbosch se toekomsvisie is om 'n universiteit te wees wat gekenmerk word deur voortdurend vernuwende en volgehoue onderrig van gehalte.



PROF ROLF STUMPF,
Viserektor (Onderrig)

SAMESTELLING VAN DIE SENAAT

Die Senaat van die Universiteit van Stellenbosch bestaan uit die Rektor en Visekanselier (voorsitter), die Viserektore, die Registrateur (sekretaris), twee lede van die Raad benoem deur die Raad, al die professore aan die Universiteit, vier medeprofessore, vier studenteraadslede, twee lede van die akademiese personeel wat nie professore of medeprofessore is nie, twee lede van die administratiewe personeel, twee lede van die tegniese personeel, en bykomende persone wat deur die Raad tot lede van die Senaat verklaar is, naamlik die Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne, Senior Direkteur: Biblioteekdiens, Senior Direkteur: Informasie-tegnologie, Senior Direkteur: Navorsing, Senior Direkteur: Strategiese Inisiatiewe, Direkteur: Akademiese Steundienste, Direkteur: Akademiese Ontwikkelingsprogramme, Direkteur: Universiteitsonderwys, Direkteur: Navorsing (Natuurwetenskappe), en die twee mededekane van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe.

A. VERSLAG VAN DIE VISEREKTOR (ONDERRIG)

Betekenisvolle ontwikkeling in en sukses met onderrig

Strategiese prioriteite op die terrein van leer en onderrig

Hoe sien die Universiteit Stellenbosch sy toekoms op die terrein van leer en onderrig? Hy sien hom as 'n universiteit wat, aldus die Strategiese Raamwerk (April 2000), "*gekenmerk word deur onderrig van gehalte, die voortdurende vernuwing van onderrig- en leerprogramme en die skepping van effektiewe leer/studiegeleenthede.*"

Die Strategiese Raamwerk stel ook agt strategiese prioriteite wat heg verband hou met hierdie toekomsvisie. Hierdie prioriteite plaas elkeen die fokus op 'n ander belangrike faktor (soos organisasie, tegnologie, demografie of die desentralisering van bestuur). Maar by elke prioriteit gaan dit om nuwe maniere om die Universiteit te ondersteun in sy strewe na beter onderrig en beter leer.

Toe die Universiteit in 2000 begin het om programme pleks van "kursusse" te doseer, was hy reeds ver gevorder met die verwesenliking van die eerste van hierdie prioriteite. Gedurende 1998 en 1999 het die fakulteite en departemente hul onderrigportefeuljes grondig omgedink in "onderrigprogramme". Die nuwe programme is daarop gemik om opleiding in algemene vaardighede naas dissiplinegerigte vaardighede te bied, om te voldoen aan die eise van die inligting-en-kennis-samelewing, om na spesifieke behoeftes van Suid-Afrika om te sien en om internasionaal erkenning uit te lok. Sodat hulle hierdie oogmerke kan bereik, was dit dan ook by die ontwikkeling van die programme 'n algemene beginsel dat hulle tegelyk skerp gefokus en streng samehangend moet wees.

PROF WALTER CLAASSEN,
Viserektor (Navorsing)

DR DORIA DANIELS,
Direkteur: Gemeenskapsdiens

Goeie vordering word ook gemaak met die tweede van hierdie agt prioriteite. Trouens, die Senaat het op 19 Oktober 2001 die Universiteit daartoe verbind om daadwerklik oor te skakel na 'n leer- en onderrigomgewing wat studentgesentreerd is. Hierdie verbintenis dien nou as die vertrekpunt vir die Universiteit se "Strategie vir Leer en Onderrig" (SLO), wat op dieselfde datum deur die Senaat aanvaar is.

Die Strategiese Raamwerk erken voorts dat toegang en toeganklikheid, op sigself genome, nie genoeg is nie. Juis om hierdie rede is die Universiteit verbind tot 'n deurlopende evaluering van studentedeurvoer, jaarlikse sukses en afstudering, sowel in die algemeen as volgens bevolkingsgroep en geslag.

'n Dokument onder die opskrif *'n Akademiese evalueringstelsel vir die Universiteit van Stellenbosch* is reeds in November 2000 deur die Akademiese Beplanningskomitee aanvaar. Hierin word voorstelle gegee oor hoe om die huidige stelsel van departementeel gebaseerde evaluering uit te brei sodat dit ook vir die evaluering van leer- en onderrigprogramme voorsiening maak.

Die woorde *akademiese evalueringstelsel* dui op al die meganismes waarmee die Universiteit sy akademiese prosesse evalueer en bevorder. Dié prosesse het uiteraard te make met die gehalte van allerlei faktore; ook die stel meganismes is gevolglik van allerlei tipes. Daar is die *gehalte van die dosente* – en dit hou meganismes in soos, byvoorbeeld, die voorvereistes en prosedures vir aanstellings. Daar is die *gehalte van die studente* – met meganismes vir, byvoorbeeld, studente se keuring en toelating. Daar is ook die *gehalte van navorsing* – met meganismes soos dié vir die toekenning van navorsingsbefondsing op 'n mededingingsgrondslag. Dan is daar natuurlik die *gehalte van die leer- en onderrigprogramme* – met meganismes soos die prosesse vir die formele goedkeuring van inhoud en aanbieding. En, les bes, is daar die *gehalte van die Universiteit se gehalteversekeringsprosesse* self.

E-Kampus: 'n "kwantumsprong" vanaf die e-platform

Die Universiteit het 'n vindingryke koers ingeslaan met die strategiese ontwikkeling van elektroniese leer. Dit word uiteengesit in sy dokument *'n Kwantumsprong in die Verdere Ontwikkeling van die e-Kampus.* Die konsep "e-Kampus" sluit 'n aantal nagraadse programme in wat hoofsaaklik deur middel van die web en ander vorme van elektroniese mediasie aangebied word, maar die oorgrote meerderheid van die e-aktiwiteite bedien die residensiële studente van die Universiteit.

Aansienlike ontwikkeling in die webgebaseerde applikasie "Course Tools" het groot vertroue in die gebruik van die program WebCT ingeboesem. Van Augustus 1999 tot September 2001 het die aantal gebruikers van 789 tot 10 737 toegeneem. Eweneens het die aantal lektore wat WebCT as 'n bykomende modus benut om hul onderrig te verryk, oor dieselfde tydperk toegeneem van 56 tot 236 en die aantal modules wat op WebCT gelaai is, van 58 tot 247. Hierdie syfers toon hoe die lesingsaal/-laboratorium en die rekenaar mekaar toenemend aanvul.

Strategie vir Leer en Onderrig

Een van die sleutelelemente van die Universiteit se visie is sy verbintenis tot 'n studentgesentreerde benadering tot leer en onderrig.

Die logiese grond vir die *Strategie vir Leer en Onderrig 2002-2004* lê in die bestaan van die kennissamelewing, globalisasie en lewenslange leer opgesluit. Met sy studentgesentreerde benadering stel die Universiteit hom ten doel om by te dra tot die ontwikkeling van kritiese burgers en ruim, onbekrompe denkers, wat betekenisvolle bydraes tot die sosiale, ekonomiese en politieke ontwikkeling van Suid-Afrika kan lewer.

Daar is ook ag geslaan op die aandrang om te reageer op die behoeftes van die samelewing en die beroepswêreld, die effektiewe en kostedoeltreffende benutting van menslike en finansiële hulpbronne, en gehalteversekering wat voorsiening maak vir sowel aanspreeklikheid as ontwikkeling. In hierdie verband verdien die Afdeling Universiteitsonderwys (Uni-Ed) se program PRONTAK (Professionele Ontwikkeling vir Akademici) – 'n verpligte program vir nuutaangestelde akademiese personeel – spesiale vermelding.

Met sy student-gesentreerde benadering wil die Universiteit bydra tot die ontwikkeling van kritiese burgers en ruim denkers.

Samestelling en grootte van die studentekorps

Samestelling en grootte van die studentekorps volgens ras (2001)

Ras	Aantal studente
Blank	15 196
Bruin	2 358
Swart	4 768
Indiër	391
Totaal	**22 713**

Die persentasie-aandeel van swart, bruin en Indiërstudente teenoor die studentekorps in sy geheel het van 25,8% in 1999 toegeneem tot 33,1% in 2001. Op nagraadse vlak is die samestelling soos volg: blank – 52,9%; swart – 35,1%; bruin – 9,0% en Indiër – 3,0%. Die fakulteite Opvoedkunde, Krygskunde en Teologie het verreweg die meeste nie-blanke studente geregistreer.

Samestelling en grootte van die studentekorps volgens geslag (2001)

In die verslagjaar was daar 12 139 vrouestudente aan die US geregistreer teenoor 10 574 mans. Die algehele persentasie manlike studente het oor die afgelope paar jaar drasties afgeneem – van 55,8% in 1995 tot 46,7% in 2001. In 1997 was daar reeds meer vroulike eerstejaarstudente (50,2%) as manlikes; hierdie persentasie het verder toegeneem tot 53,9% in 2000.

Samestelling en grootte van die studentekorps volgens geografiese herkoms

Geografiese herkoms	Aantal studente
Republiek van Suid-Afrika	20 774 (95,9%)
Wes-Kaap	12 389 (54,5%)
Noord-Kaap	776 (3,4%)
Oos-Kaap	2 470 (10,9%)
Vrystaat	684 (3,0%)
KwaZulu-Natal	1 788 (7,9%)
Mpumalanga	523 (2,3%)
Noordelike Provinsie	798 (3,5%)
Gauteng	1 889 (8,3%)
Noordwes Provinsie	457 (2,0%)
Ander Lande	939 (4,1%)
Botswana	26 (0,1%)
Lesotho	8 (0,0%)
Namibië	516 (2,3%)
Swaziland	17 (0,1%)
Zimbabwe	57 (0,3%)
Elders	315 (1,4%)
Groottotaal	**22 713 (100,0%)**

In 1997 het studente van die Wes-Kaap 67,2% van die algehele studentekorps uitgemaak. In 2001 het hierdie syfer, grootliks as gevolg van afstandonderwys, afgeneem na 54,5%. Desnieteenstaande neem die aantal registrasies van die Wes-Kaap jaarliks toe.

Samestelling en grootte van die studentekorps volgens huistaal (2001)

Huistaal	Aantal studente
Afrikaans	11 991 (64,02%)
Engels	5 013 (26,76%)
Afrikaans/Engels	359 (1,92%)
Ander amptelike SA tale	851 (4,54%)
Ander tale	517 (2,76%)

Die jaarlikse afname in studente met Afrikaans as moedertaal is veral oor die afgelope vier jaar opmerklik (70,6% in 1995 tot 53,3% in 2001, Educorp-studente uitgesluit). Weer eens was afstandonderwys 'n belangrike faktor.

Onderrig: Vlakke van akademiese vordering in die onderskeie vakrigtings

Nagraadse registrasies aan die Universiteit het in die verslagjaar 36,1% van die studentekorps gevorm. Vergelykbare registrasiesyfers in 1992 en 1996 was 27,6% en 30,5% onderskeidelik. Dit dui op 'n toename in die nagraadse fokus. In die fakulteite Opvoedkunde en Teologie oorskry die aantal nagraadse studente die voorgraadse studente.

Gemiddeld het die registrasie van eerstejaarstudente tussen 1996 en 2001 met 2,4% gegroei. Sedert 1995 het die persentasie-aandeel van die onderskeie fakulteite in die aantal registrasies merkbaar verskuif. Sy afstandsonderwyskomponent het meegebring dat die Fakulteit Opvoedkunde se aandeel van 4,9% in 1996 tot 20,7% in 2001 gegroei het. Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en die Fakulteit Regsgeleerdheid het 'n toename in studenteregistrasies ervaar.

Onderrig: Toekennings en prestasies

Evalueringsmeganismes en -metodes

Die volgende gevestigde evalueringsmeganismes en -metodes aan die Universiteit is verder ontwikkel om deel van die nuwe akademiese evalueringstelsel te vorm:

- 'n Verpligte stelsel van studenteterugvoer sedert 1988 (in 1999 en weer in 2001 aangepas).
- Eksterne evaluering van departemente sedert 1993 (in 1998 aangepas om ook aspekte van navorsing en die opstel van 'n selfevalueringsverslag voorafgaande aan die besoek deur die eksterne paneel in te sluit).
- 'n Prestasiegedrewe vergoedingstelsel vir alle personeellede sedert 1995.
- Die Rektorstoekenning vir Voortreflike Onderrig sedert 1995, die Rektorstoekenning vir Voortreflike Navorsing sedert 1999 en die Rektorstoekenning vir Voortreflike Diens sedert 2000.

Prestasiebeoordeling en prestasievergoeding van personeel

Prestasiebeoordeling van akademiese personeel word aangewend om werksbevrediging en produktiwiteit aan te moedig. Daardeur kan opleidings- en ontwikkelingsbehoeftes vasgestel word, terugvoer aan akademiese personeel verskaf word en, na verdienste, erkenning vir gehaltewerk gegee word.

Die stelsel meet elke personeellid se prestasie op die volgende belangrike terreine:

- Onderrig op voorgraadse en nagraadse vlak (vakkundigheid, aanbiedingsvaardighede, klasatmosfeer, kursusorganisasie en -administrasie).
- Navorsing en publikasies.
- Diens aan die inrigting self en aan die gemeenskap (departementeel, Universiteit in sy geheel, ekstern).

Daarna volg 'n deeglike evalueringsproses. Die akademiese personeellid lê 'n *curriculum vitae* aan die departementele voorsitter voor. Die departementele voorsitter samel bykomende inligting uit ander bronne in (byvoorbeeld studenteterugvoer en evaluering) en vul 'n voorlopige prestasiebeoordelingsvorm in, wat dan aan die dekaan voorgelê word. 'n Fakulteitskomitee bestaande uit die dekaan, die departementele voorsitter en een of twee senior lede van die betrokke departement finaliseer die prestasiebeoordelingsvorm. Laastens voer die departementele voorsitter 'n prestasiebeoordelingsonderhoud met die betrokke personeellid.

Die prestasiebeoordelingsonderhoud, wat in 'n ontspanne atmosfeer gevoer kan word, is waarskynlik die belangrikste stap in die beoordelingsproses. Die onderhoud word gebruik om kommentaar te lewer en voorstelle te maak aangaande personeellede se potensiaal vir bevordering en moontlike behoefte aan opleiding of ontwikkeling. In samewerking met die personeellede word doelwitte hersien en nuwes gestel.

Toegang tot en voorsiening van finansiële hulp

Studentelenings per fakulteit en ras

Fakulteit	Blank	Swart	Indiër	Bruin	Totaal
Lettere en Wysbegeerte	113	33	0	136	**282**
Natuurwetenskappe	98	11	0	77	**186**
Opvoedkunde	26	0	0	0	**26**
Landbou- en Bosbouwetenskappe	40	18	0	9	**67**
Regsgeleerdheid	33	6	1	56	**96**
Teologie	10	4	0	19	**33**
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	168	19	1	96	**284**
Ingenieurswese	60	3	0	2	**65**
Gesondheidswetenskappe	135	3	10	89	**237**
Groottotaal	**683**	**97**	**12**	**484**	**1 276**

Beurse per ras

Ras	Voorgraads	Nagraads
Blank	4 120	1 288
Bruin	1 178	223
Swart	286	334
Indiër	55	29
Totaal	**5 639**	**1 874**

Aanpassing van onderriggeld

Registrasiegeld vir 2002 (betaalbaar op dag van registrasie)

	Voorgraads	Nagraads
Eerste paaiement op onderriggeld	R4 500	R3 000

Onderriggeld

Die gemiddelde studiegeld-styging van 12,8% van 2001 na 2002 kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die toepassing van die beginsel om die inkomste en uitgawes van fakulteite te balanseer, o.a. deur die toepassing van 'n nuwe studentegeldemodel.

Die verantwoordelikheidsentrumbestuur (VSB)-model, 'n deursigtige en verantwoordbare hulpbrontoedelingsmodel wat studentegelde insluit, is noodsaaklik vir 'n inrigting soos die US, wat vele komplekse funksies moet vervul. Dit moet egter soepel genoeg wees om nie die bestuur van die Universiteit van die verantwoordelikheid te ontneem om sy hulpbronne só aan te wend dat sy strategiese doelwitte nog verwesenlik word nie.

Die VSB-model veronderstel dat fakulteite en administratiewe afdelings as verantwoordelikheidsentra beskou word wat sover moontlik volle verantwoordelikheid vir hulle eie finansies aanvaar. Hierdie benadering verseker dat elke sentrum nie net maksimale outonomie oor inkomste en uitgawes het nie, maar ook groot verantwoordelikhede, aangesien hul begrotings van jaar tot jaar moet klop. Die verantwoordelikheid-sentra moet eerder, getrou aan die tradisie van universiteite in die algemeen en die US in die besonder, onderdele van 'n geheel vorm wat mekaar kreatief en strategies aanvul om die groter saak – naamlik die ontginning en disseminasie van kennis – te dien.

Belangrike uitdagings

Een van die belangrikste uitdagings aan die Universiteit is die ontwerp van 'n omvattende gehalteversekeringsmeganisme vir akademiese programme sonder om afbreuk te doen aan die suksesvolle elemente van 'n relatief omvattende departementele evalueringstelsel. So 'n omvattende meganisme behoort onder meer die onderskeie stelsels van studenteterugvoer, eksterne evaluering van departemente, program-evaluering en tydsreeksanalise van sukseskoerse in te sluit en te integreer.

'n Verdere uitdaging is om 'n gesonde balans te handhaaf tussen die druk wat op akademiese personeel geplaas word om navorsing te doen aan die een kant en die eise van hulle onderrigverpligtinge aan die ander kant. Die een moet nie ten koste van die ander plaasvind nie.

B. VERSLAG VAN DIE VISEREKTOR (NAVORSING)

Navorsing is een van die drie kernfunksies van die Universiteit Stellenbosch. In die verslagjaar het die Universiteit voortgegaan om navorsingsuitsette van hoë gehalte te lewer. Op hierdie manier doen hy die verklaring in sy Strategiese Raamwerk gestand dat hy navorsingsgerig in beplanning en praktyk is.

Die Universiteit is trots op sy groot getal (135) navorsers wat in 2001 deur die Nasionale Navorsingstigting (NNS) geëvalueer is. In Suid-Afrika het die US tans die tweede grootste getal geëvalueerde navorsers, wat van 1996 tot 2001 met bykans 70% toegeneem het. In 2001 het die NNS op nasionale vlak vier buitengewoon talentvolle jong wetenskaplikes as Presidentstoekenninghouers vereer, van wie twee aan die US verbonde is.

Die Universiteit se slagspreuk "jou kennisvennoot" plaas 'n besonder hoë premie op die navorsingsvaardighede van sy personeel. Gevolglik poog die Universiteit om slegs toegewyde personeel met voortreflike navorsingspotensiaal vir aanstelling te oorweeg. Besondere steun word dan ook aan sulke jong personeel gegee om hulle potensiaal ten volle te ontwikkel.

Die US behaal steeds groot sukses met vennootskappe tussen die Universiteit, bedrywe en die NNS, soos blyk uit die feit dat die befondsing vanaf THRIP (*Technology and Human Resources for Industry Programme*) oor die afgelope vyf jaar die grootste bedrag is wat aan enige universiteit in die land toegeken is. Hierdie vennootskappe vind ook uiting in 'n toenemende getal afwentel-maatskappye waarin die intellektuele eiendom van personeellede van die Universiteit gekommersialiseer word. Hierdeur word verdere voordele vir navorsing geskep en lewer die Universiteit 'n bydrae tot die vestiging van bedrywe en die skepping van werkgeleenthede. Die Kantoor vir Intellektuele Eiendom (KIE) speel in hierdie verband 'n baie belangrike rol.

Akademici se publikasies en voordragte by konferensies bly van die belangrikste aanduiders van hul kundigheid as navorsers. Die Universiteit se prestasie op hierdie terrein het oor die afgelope paar jaar steeds verbeter, te midde van groot druk op die akademiese gemeenskap om 'n groot verskeidenheid doelwitte na te streef.

In 2001 is besondere aandag gegee aan die ontwikkeling van SIGNA (Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing). Die doelstelling van SIGNA is om die beste gehalte navorsers uit die buiteland (spesifiek ook uit ander Afrikalande) op geïdentifiseerde temagebiede onder gunstige omstandighede saam te trek om, saam met plaaslike navorsers, 'n sinvolle bydrae tot die wetenskap te lewer. Buitefondse is bekom vir die eerste program van SIGNA, wat in Oktober 'n aanvang geneem het. Twee vooraanstaande bioloë het, in aansluiting by drie plaaslike navorsers, aan hierdie program deelgeneem.

In die verslagjaar was daar ook 'n besonder sterk groei in die getal nagraadse studente. 'n Omvattende studie is onderneem om die stand

van nagraadse studie aan die Universiteit te bepaal. Die bevindinge van hierdie waardevolle verslag vind toepassing in beleid en implementeringsplanne.

Die Universiteit Stellenbosch het die voorreg om jaarliks verskeie wetenskaplikes van wêreldformaat en vooraanstaande besoekers op sy kampus te verwelkom. Verskeie van die interaksies lei tot gemeenskaplik voordelige samewerkingsooreenkomste en strategiese alliansies.

Verskeie van ons personeellede is nasionaal en internasionaal vereer vir hulle voortreflike wetenskaplike bydraes. US-personeel dien ook die wetenskaplike gemeenskap deur in die besture van hulle vakverenigings en in die redaksionele rade van vaktydskrifte te dien.

As een van die mees vooraanstaande plaaslike instansies ten opsigte van biotegnologienavorsing, het die Universiteit 'n aansienlike bydrae gelewer tot die regeringsinisiatief vir die ontwikkeling van die Nasionale Biotegnologiestrategie vir Suid-Afrika. Verreikende vooruitgang is met navorsing tot voordeel van die wynbou-, suiker-, mielie- en mynbedrywe gemaak. Die Universiteit het ook, in samewerking met Chiron, 'n vooraanstaande Amerikaanse biotegnologiemaatskappy, groot vordering gemaak met die ontwikkeling van 'n Vigsvirusvaksiene wat spesiaal op die gevreesde Afrika-tipe virus afgestem is.

'n Moderne fasiliteit is gevestig om op 'n toonaangewende wyse navorsing op lasers en die toepassings daarvan te doen. Die lasergebaseerde diagnostiese tegnieke vind toepassing in sowel die omgewingswetenskappe as in chemie, biologie en die mediese veld.

Deur middel van sy wye en diepgaande deskundigheid op navorsingsgebied lewer die Universiteit 'n groot diens aan die gemeenskap, maar ook aan die vakkundige en professionele liggame van die land.

Die Biblioteekdiens

As rolspeler binne die globale inligtingswêreld, het die Biblioteekdiens op vele terreine 'n baie besige jaar beleef. Nasionale en internasionale kontakte en samewerking het 'n groot bydrae hiertoe gelewer.

Afgesien van die nasionale samewerking, onder andere deur die Cape Library Cooperative (CALICO) in die Wes-Kaap, die Forum of University Librarians of South Africa (FULSA) en betrokkenheid by SABINET, het die Biblioteekdiens ook direk saamgewerk met die projek van die Open Society Institute (OSI), wat te make het met volteks- elektroniese inligting, naamlik Electronic Information for Libraries (eIFL), wat uit Boedapest, Hongarye, bestuur word. Die Biblioteekdiens is verder ook direk betrokke by die Online Computer Library Centre (OCLC) in Columbus, Ohio. Die voordele van hierdie skakeling is dat dit die blootstelling van die Biblioteekdiens verhoog en toegang tot die volteks- elektroniese bronne bewerkstellig. Dit help ook om die nodige perspektief te gee met die beplanning van die e-Kampusprojek.

Daar is in die verslagjaar ook uitstekende vordering gemaak met die verdere implementering van die aanbevelings van die Biblioteekdiens se strategiese beplanning. Die proses is aangehelp deurdat sekere senior poste deur herstrukturering gevul kon word.

Een van die grootste dilemmas waarvoor die Biblioteekdiens te staan gekom het, was die voortdurende verswakking van die waarde van die Rand teenoor ander buitelandse geldeenhede. Gelukkig is sekere maatreëls reeds vroeg in die verslagjaar getref om grootskaalse oorskryding van die begroting te voorkom.

Die Biblioteekdiens het weer eens die jaarlikse simposium, wat een van die belangrikste gebeurtenisse op die professionele kalender van die beroep in Suid-Afrika geword het, met groot sukses aangebied. Sewe van die 11 sprekers was buitelanders. Die tema van die 2001-simposium, wat deur 146 persone bygewoon is, was *Access to electronic information: pieces of the puzzle.*

Daar is in die verslagjaar weer eens 'n hele aantal vooraanstaande besoekers ontvang. Die ondergrondse biblioteek en die sukses van die beplanning daarvan bly steeds 'n groot trekpleister.

Informasietegnologie (IT)

Die rol van die Afdeling Informasietegnologie by die fasilitering en optimale benutting van tegnologie op die gebiede van onderrig, leer, navorsing en administrasie by die Universiteit neem steeds toe.

'n Belangrike mylpaal is in 2001 bereik met die aanvaarding van 'n elektroniese kommunikasiebeleid (EKB) vir werknemers en studente. Hierdie beleid het betrekking op enige vorm van elektroniese

Trou aan die slagspreek "jou kennisvennoot" word 'n besonder hoë premie op die navorsingsvaardighede van personeel geplaas.

kommunikasie, byvoorbeeld e-pos, en verduidelik wat aanvaarbare en onaanvaarbare gebruik is. Die aanvaarding van die EKB help IT om die stelsel doeltreffend te bestuur, onder meer deur misbruik van die fasiliteite te bekamp en sodoende onskuldige gebruikers teen die gevolge van misbruik te beskerm.

'n Verdere mylpaal was die aanvaarding van die e-Kampusinisiatief. Hierdie inisiatief het die ontwikkeling van die gehalte van die kernfunksies van die Universiteit (naamlik onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens) as primêre dryfveer. Dit beklemtoon egter die geïntegreerdheid van hierdie kernfunksies met die inligtings- en kommunikasienetwerke.

Verskeie IT-projekte is reeds onder die sambreel van die e-Kampus-inisiatief saamgevat. Goeie vordering is gemaak met die skepping van 'n metagids vir gebruikersinligting. Dit konsolideer verskeie bronne van gebruikersinligting, waaronder inligting uit die sentrale administratiewe databasis en netwerkstelsel.

In ooreenstemming met die mikpunte in die e-Kampusinisiatief om netwerktoegang so wyd as moontlik te bewerkstellig, is 'n projek begin om binne die volgende drie jaar alle koshuiskamers van netwerkpunte te voorsien. In die Desembervakansie is veral op dameskoshuise gekonsentreer en is die 1 000-kerf oorgesteek.

Die Internet as navorsingsbron, kommunikasiemiddel en toegangspoort tot elektroniese sake is ineengeweef in die kernfunksies van die Universiteit. Dit blyk duidelik uit die eksponensiële groei in Internet-gebruik. Sekere ondersteunende stelsels is verbeter om voorsiening te maak vir deeglike rugsteun in geval van opgraderings of herstelwerk. Die Universiteit het ook, saam met die meeste ander universiteite in die land, ingeskakel by 'n nuwe diensverskaffer, TENET (*Tertiary Education Network*).

'n Aantal projekte is geïnisieer om die administratiewe rekenaarstelsels meer toeganklik te maak en die stelsels makliker met ander rekenaarstelsels te laat integreer. Fase 1 van die migrasie van die administratiewe stelsels van 'n geslote na 'n oop argitektuur is reeds in 2001 afgehandel. Verdere fases sal in die loop van 2002 geïmplementeer word.

Loodsprojekte om die administratiewe stelsels deur die web toeganklik te maak, is in 2001 aangepak, waarvan die eerste projekresultate in 2002 gelewer sal word.

C. VERSLAG INSAKE GEMEENSKAPSDIENS

Het die universiteite in Suid-Afrika 'n plig om studente voor te berei vir aktiewe deelname aan 'n gediversifiseerde demokrasie? Die Departement van Onderwys se versoek van 1997 dat hoër onderwys 'n proaktiewe vennoot in ontwikkeling word het gelei tot hernude debat oor ons universiteite se gemeenskapstaak. By die Universiteit Stellenbosch erken die leierskap vandag dat daar 'n verandering moet kom in die manier waarop dié inrigting met die gemeenskap omgaan.

Vrywillige dienste deur studente, altruïstiese dade en kontraktuele interaksies tussen universiteit en gemeenskap kan dui op 'n siening van gemeenskapsdiens nie as 'n duidelik omskrewe uitkoms van akademiese en navorsingsprosesse nie maar as, op sy beste, 'n ad hoc-uitkoms daarvan. Op Stellenbosch het bes moontlik juis so 'n siening gelei tot 'n mate van onbetrokkenheid by sosiale en nasionale ontwikkeling.

Die Universiteit Stellenbosch se Eenheid vir Diensleer en Gemeenskaps-interaksie (USDG) ontwikkel reeds 'n tyd lank strategieë om opnuut die akademie met demokratiese doelwitte in ooreenstemming te bring. Daar is byvoorbeeld 'n databasis geskep van gemeenskapsdiensprojekte wat hulle daartoe leen om samewerking tussen gemeenskappe en universiteitsdepartemente te bevorder. Die USDG doen ook navorsing oor 'n opvoedkundige model wat gemeenskapsdiens binne die kurrikulum inspan. Die bedoeling is dat studente diens aan die gemeenskap lewer in omgewings waarin hulle organisatoriese en probleemoplossingsvaardighede en gesindhede kan verwerf wat vir hulle as toekomstige werkers en leerders noodsaaklik gaan wees.

Dit is die USDG se uitgangspunt dat kritiese interaksie met die gemeenskap studente toerus om produktiewe beroepslui en burgers te word. Hierdie benadering is ten gunste van die gebruik van meerdere plekke vir kennisproduksie. Terselfdertyd werk dit die ontwikkeling van 'n kritiese ingesteldheid en die beoefening van aktiewe burgerskap in die hand. Bowenal herbevestig dit die gemeenskapsmissie van Suid-Afrikaanse universiteite om hul studente te help ontwikkel tot kritiese burgers wat hulle vir 'n produktiewe en bemagtigende gemeenskap beywer.

Die Eenheid vir Diensleer en Gemeenskaps-interaksie wil studente toerus om produktiewe beroepslui en burgers te word.

Die Institusionele Forum

SAMESTELLING

Die Institusionele Forum bestaan uit agt-en-twintig lede, sewe uit elk van die volgende groeperinge: die beheer- en bestuursektor, die personeelsektor, die studentesektor en die gemeenskapsektor.

Hierdie verteenwoordiging sien soos volg daar uit –

Beheer- en Bestuursektor: Twee lede van die Raad verkies deur die Raad, drie lede van die Senaat verkies deur die Senaat, een lid van die bestuur aangewys deur die bestuur, en die Registrateur of 'n persoon wat deur die Registrateur aangewys word.

Personeelsektor: Twee lede verkies uit eie geledere deur die permanente nie-professorale akademiese personeel, een lid uit eie geledere aangewys deur die akademiese ondersteuningsdienste, twee lede uit eie geledere verkies deur erkende vakbonde, en twee lede uit eie geledere verkies deur administratiewe ondersteuningsdienste.

Studentesektor: Twee lede van die Studenteraad verkies deur die Studenteraad, twee lede van die Primkomitee aangewys deur die Primkomitee, een lid aangewys deur die studenteverenigings, en twee lede van die Akademiese Belangeraad aangewys deur die Akademiese Belangeraad.

Gemeenskapsektor: Twee lede van die konvokasie aangewys deur die president van die konvokasie, en vyf persone uit eie geledere aangewys deur die verteenwoordigende liggame van die burgerlike samelewing.

VERSLAG VAN DIE INSTITUSIONELE FORUM

Die Institusionele Forum (IF) is 'n adviesliggaam wat, ingevolge die Wet op Hoër Onderwys (Art. 32 van Wet 101 van 1997), bespreking en debat op die kampus aanmoedig oor verskillende sake wat onder sy aandag kom. In die verslagjaar het die IF op verskeie terreine in hierdie verband 'n rol gespeel.

Die bedrywighede van die IF word hoofsaaklik deur sy drie taakgroepe – die taakgroepe vir diversiteit en diensbillikheid, vir beplanning en vir kultuur – gehanteer. Die taakgroepe word aangevul deur twee ad hoc-groepe – vir taal en vir senior bestuur. Die taakgroepe het die bevoegdheid om sake te ondersoek wat aan hulle toegewys is en moet by die IF daaroor verslag doen en hulle adviseer.

Hier volg 'n opsomming van die sake wat die afgelope jaar aandag ontvang het.

Monitering van eerstejaarsoriënteringspraktyke

Die IF het die monitering van eerstejaarsoriënteringspraktyke deur onafhanklike waarnemers ondersoek en voorgestel dat die moniteerders van hierdie praktyke mense moet wees wat onafhanklik van universiteitstrukture optree (verslag 2/2001 (1) MA, na 'n vergadering op 5 April 2001).

Aanstelling van 'n Rektor

Die IF het op 8 Mei 2001 oor die aanstelling van 'n Rektor gestem. Hy het prof R Stumpf met 'n duidelike meerderheid as sy keuse uit die kandidate genomineer en het die Raad dienooreenkomstig ingelig (verslag 2/2001 (2) MA).

MEV LEONIE OVERBEEK,
Voorsitter van die Institusionele Forum

Die taakgroepe vir diversiteit en diensbillikheid, vir beplanning en vir kultuur ondersoek sake wat aan hulle toegewys word.

Beleid insake tydelike personeel

Die IF het die Raad op 14 Junie en weer op 5 Desember geadviseer (verslae 3/2001 MA en 6/2001 MA) dat die voorgestelde beleid rakende tydelike personeel terugwerkend toegepas moes word en dat dit hersien moes word om diensvoorwaardes ook in te sluit en nie net die toewysing van byvoordele nie.

Senior bestuur en hersiening van beleidsdokumente

Prof Brink het verskeie skriftelike voorleggings oor senior bestuur en die algemene hersiening van bestaande beleidsdokumente aan die Raad, die Senaat en die IF gemaak. Die kommentaar van die IF op hierdie dokumente is vervat in verslag 1/2002 MA. Die IF is bemoedig deur die voorgestelde veranderings, veral in soverre dit vereis dat elke beleidsdokument uitdruklik moet verwys na die verklaring van die Universiteit se waardes in die Strategiese Raamwerk.

Leonie Overbeek
Voorsitter

EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

PROF JOHAN MATTHEE,
Dekaan tot einde Junie 2001



PROF ESTIAN CALITZ,
Dekaan sedert 1 Julie 2001

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe bly lewenskragtig en innoverend met 'n sterk toevloei van briljante studente.

Vir die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, wat in 2000 sy 75ste bestaansjaar herdenk het, het 2001 op 'n hoogtepunt geëindig. In Desember 2001 het die Universiteit eredoktorsgrade aan die huidige Minister van Finansies, Trevor Manuel, en sy twee voorgangers, Derek Keys en Chris Liebenberg, toegeken. Daarmee is erkenning gegee aan drie Suid-Afrikaners wat oor die afgelope 10 tot 15 jaar in baie uitdagende omstandighede rigtinggewende rolle in die land se ekonomie gespeel het.

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe – die grootste fakulteit aan die Universiteit – bly 'n lewenskragtige en innoverende omgewing. Soos vorige jare, het die fakulteit in 2001 'n sterk toevloei van briljante studente gehad aan wie gehalte-opleiding by wyse van uitstekende graadprogramme verskaf is. Nuwe programme soos BComm (Finansiële Analise), BRek, LLB en MRek (Rekenaarouditering) is met groot sukses in 2001 geloods. Operasionele Navorsing word met ingang 2001 as 'n hoofvak deur die Departement Logistiek aangebied. Dit is 'n verpligte hoofvak vir BLogistiek en kan in verskeie BComm-programme en in BSc in Wiskundige Wetenskappe as keusevak gevolg word.

Die Nagraadse Diploma in MIV/Vigsbestuur het gedurende 2001 'n aanvang geneem. Hierdie program word aangebied in samewerking met die Nasionale Skool vir Openbare Gesondheid by Medunsa. Dit is die eerste in sy soort in die wêreld en geniet wye erkenning in die sake- en openbare sektor in Suid-Afrika en buite die Suid-Afrikaanse grense.

Die bekende Buro vir Ekonomiese Ondersoek (BEO) het daarin geslaag om Reuters se gesogte toekenning Ekonoom van die Jaar voor sowat 30 ander ekonome, meestal in die privaat sektor, weg te raap. Hulle het die akkuraatste vooruitskatting gemaak van die jaar 2000 se ekonomiese aanwysers, waaronder Reuters se maandelikse konsensus-opname onder Suid-Afrikaanse ekonome.

Die Instituut vir Toekomsnavorsing het in die loop van 2001 sy deelgenoot(kliënte-)basis met 50% uitgebrei. Dit is tekenend van die bewese bydrae wat die instituut tot organisasies se strategiese vooruitsig maak.

Die Bellvilleparkkampus van die US huisves die Nagraadse Bestuurskool (USB), die Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning, en die Afdeling Deeltydse Studie (wat oor die volgende paar jaar uitgefaseer gaan word). Die USB het in 2001 groot vordering gemaak met sy poging om internasionale bande met prominente bestuurskole in veral Europa te smee. Nadat die USB in 2000 internasionale akkreditasie van die European Foundation for Management Development verwerf het, was die fokus in 2001 op die vestiging en uitbouing van die USB se statuur in die internasionale gemeenskap van hoofsaaklik EQUIS-geakkrediteerde bestuurskole. USB Bestuursontwikkeling Beperk (USB-BO), die opleidingsmaatskappy waarin die privaat sektor en die US gesamentlik belê het, is aan die begin van 2001 binne die USB in bedryf gestel. Alle bestuurs- en leierskapsprogramme (sertifikaatprogramme), met inbegrip van interne programme vir spesifieke organisasies, asook seminare en ander projekte in samewerking met die sakesektor, word onder die vaandel van USB-BO aangebied.

Ook Consultus, die kapasiteitsbouprogram van die Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning, het gedurende 2001 sy opleiding, aksienavorsing en konsultasie vir die openbare en ontwikkelingsektor uitgebou. Deur sy verbintenis met die Skool is Consultus onder andere geassosieer met JUPMET (Joint Universities Public Management Educational Trust), waarvan die Universiteite van Durban-Westville, Fort Hare, Pretoria, Wes-Kaap, Witwatersrand en Stellenbosch trustees is, asook met die Universiteit van Manchester se Centre on Regulation and Competition.

Prof Tertius de Wet, voorsitter van die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap, is verkies tot visepresident van die Suid-Afrikaanse Statistiese Vereniging. Prof EvdM Smit, direkteur van die USB, is herkies as voorsitter van die Vereniging van Nagraadse Bestuurskole. Prof NS Terblanche van die Departement Ondernemingsbestuur is president van die Suider-Afrika Instituut vir Bestuurswetenskaplikes vir 'n tweede termyn van twee jaar. Die huidige president van die Ekonomiese Vereniging van Suid-Afrika is prof PA Black, 'n voormalige professor in die Departement Ekonomie. Hy is tans 'n buitengewone professor in dié departement. Hy is die derde Stellenbosse ekonoom wat die onderskeiding agtereenvolgens behaal. Prof CL McCarthy, 'n voormalige voorsitter van die Departement Ekonomie, was van 1997 tot 1999 die president. Hy is opgevolg deur prof E Calitz, wat op 1 Julie 2001 as professor in Ekonomie en dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangestel is. Prof Calitz is 'n voormalige direkteur-generaal van die Departement van Finansies van die Suid-Afrikaanse regering.

Onder die bekwame leiding van Tobie Lochner het die plaaslike tak van AIESEC, 'n internasionale vereniging van studente in die handelswetenskappe, weer eens 'n suksesvolle jaar beleef. Hulle Brightest Young Minds 2001-konferensie het topstudente van regoor Suid-Afrika getrek en die ondersteuning van vooraanstaande maatskappye geniet.

Die Rainmakers-program het Stellenbosse studente met groot sukses aan sakeleiers bekendgestel. David Myburgh (voorsitter van die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe-vereniging van die Akademiese Belangeraad) en Oupa Mokoti (ondervoorsitter) is as studenteverteenwoordigers in die Fakulteitsraad benoem.

Die fakulteit se topstudent van die jaar en die wenner van die CGW Schumann-medalje, geborg deur Distell, was mej Sonja Keller, 'n student in Ekonomie. Sy het ook die Rhodes-beurs ontvang, wat haar in staat stel om vir 'n PhD in Ekonomie aan die Universiteit van Oxford in te skryf. Francelle Laubscher, 'n honneursstudent in Ekonomie, het die tweede prys in die landwye Ou Mutual/Nedbank-begrotingskompetisie vir nagraadse Ekonomie-studente ingepalm.

GESONDHEIDSWETENSKAPPE



PROF WYNAND VAN DER MERWE,
Dekaan, Fakulteit Gesondheidswetenskappe

Die nuwe Fakulteit Gesondheidswetenskappe snoer Geneeskunde en Tandheelkunde sonder noemenswaardige probleme suksesvol saam.

Die verslagjaar 2001 het 'n nuwe era ingelui op die Universiteit se Tygerbergkampus, toe Geneeskunde en Tandheelkunde formeel saamgevoeg is in 'n nuwe Fakulteit Gesondheidswetenskappe.

Die nuwe fakulteit het uit die staanspoor voor belangrike uitdagings te staan gekom. Daar moes voorsiening gemaak word vir 'n inname van studente wat vir die eerste keer met hul eerstejaarstudie op die Tygerbergkampus begin het, en nie op die Stellenboschkampus soos in die verlede nie. Danksy belangrike strukturele veranderinge, soos die aanbou van nuwe koshuise en die verkryging van addisionele woongeriewe op die kampus, sowel as die opgradering van onderrig- en sportgeriewe, het hierdie proses sonder noemenswaardige probleme verloop. Die Tygerbergkampus huisves tans heelwat meer as 1 500 voorgraadse studente.

Die regering se Nasionale Hoëronderwysplan het ook aan Gesondheidswetenskappe-fakulteite in die Wes-Kaap nuwe uitdagings gestel. Stellenbosch se Fakulteit Gesondheidswetenskappe het gedurende die jaar indringend besin en beplan om hierdie uitdagings die hoof te bied. 'n Werkgroep van die fakulteit voer reeds samesprekings met die Universiteit van Kaapstad oor samewerking binne die konteks van die Onderwysplan. Gesprekke is ook met kollegas van die Universiteit van Wes-Kaapland geloods oor samewerking ten opsigte van Mondheelkunde. Sinvolle opsies tot wedersydse voordeel het uit hierdie gesprekke gespruit, en konsensus is bereik dat daar liefs proaktief beplan moet word, voordat die Departement van Onderwys 'n onaanvaarbare samewerkingsmodel op die universiteite afdwing.

Hernude pogings gedurende die jaar om meer swart studente te werf het teen die einde van 2001 vrugte afgewerp toe 19 swart leerders gekeur is vir kursusse in die Gesondheidswetenskappe. Die fakulteit lei reeds sowat 40% van alle bruin dokters in die land op. Die Gesondheidsgeleenthede-ontwikkelingsprogram (GESOG), wat jaarliks by 'n winterskool op die Tygerbergkampus aangebied word, het 'n belangrike rol in hierdie verband gespeel. Die program, wat gerig word op leerders uit voorheen benadeelde gemeenskappe, is vanjaar vir die derde keer aangebied en het direk aanleiding gegee tot 'n 30%-toename in die getal aansoeke van leerders uit die swart, bruin en Indiërgemeenskappe.

Die fakulteit het gedurende 2001 verskeie nagraadse programme deur middel van interaktiewe satellietuitsendings aangebied. Hierdie baie suksesvolle inisiatief sal in 2002 verder uitgebrei word.

Ook internasionale betrekkinge met tersiêre inrigtings in verskeie Europese lande, die Verenigde State en Australië is gedurende die jaar uitgebrei. Die fakulteit het ook sy hulp en ondersteuning met die opleiding van nagraadse studente aan verskillende lande en tersiêre inrigtings in Afrika voortgesit. Terselfdertyd is die fakulteit deur 'n aantal internasionale vakverenigings aangewys as organiserende liggaam vir internasionale kongresse wat oor die volgende paar jaar in die Kaapstad-Stellenbosch-omgewing aangebied word.

Op navorsingsvlak het die fakulteit se kantoor vir Navorsingsontwikkeling en Steun in 2001 beslag gekry. Nuwe prosesse is ontwikkel vir geneesmiddelproewe en ander vorms van kontraknavorsing en kontrakte word met die privaat sektor gesluit. 'n Doelgerigte veldtog is geloods om betekenisvolle buitelandse fondse vir navorsing te bekom, veral deur nuwe bedingingstrategieë. Intussen het dr Walter Prozesky, vorige president van die Mediese Navorsingsraad, 'n opname dwarsdeur die fakulteit gemaak om navorsingsprobleme en geleenthede uit te wys. Sy omvattende verslag sal gebruik word om 'n 5 - 10 jaarnavorsingsplan vir die fakulteit te ontwikkel.

Een van die belangrikste nuwe werksaamhede in die fakulteit was die ontwikkeling en goedkeuring van 'n model om landelike diensplatforms te skep wat gebruik kan word vir gemeenskapsgebaseerde rotasie van al die fakulteit se voorgraadse en nagraadse studente. Hierdie desentralisering van opleiding is onder meer genoop deur die afname in bedbesetting in tersiêre hospitale soos Tygerberg-hospitaal, met gepaardgaande hoë studentegetalle per bed. Aan die ander kant is daar tans op plekke soos die Paarl en Worcester 'n baie hoër bedbesetting in sekondêre hospitale, wat beter geleenthede vir opleiding bied. 'n Verdere dryfveer was die tekort aan gesondheidsdienste op die platteland, wat 'n uiters negatiewe uitwerking op sosio-ekonomiese toestande het en selfs bydra tot die verwoestende MIV/Vigs-pandemie in die land. Die vestiging van landelike gesondheidsentrums in gesondheidstreke wat

deur die fakulteit bedien word, is 'n aktiewe poging om die gesondheidstatus van gemeenskappe te verbeter. Terselfdertyd sal die sentrums nuwe geleenthede bied vir voortreflike navorsing wat regstreeks relevant is tot die land en sy mense. Daar is teen die einde van 2001 reeds aansienlike vordering gemaak, sodat die eerste dienssentrum op Worcester reeds vroeg in 2002 in werking sal tree.

INGENIEURSWESE



PROF PW VAN DER WALT,
Dekaan, Fakulteit Ingenieurswese

Die eerste M-gradueerdes van histories swart universiteite is maar een van talle prestasies in die Fakulteit Ingenieurswese.

Die Fakulteit Ingenieurswese is bevoorreg om besonder begaafde studente te hê. Talle prestasies die afgelope jaar het hierdie gehalte van ons studente onderstreep, waarvan dié van mnr Chris Vale die kroon gespan het. Mnr Vale het sy PhD-graad in Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese verwerf slegs sewe jaar nadat hy as eerstejaar die kampus betree het en was die Kanseliersmedaljewenner vir 2001.

Die navorsingsuitset in die fakulteit het gegroei, soos onder meer blyk uit die rekordgetal van 17 PhD-studente wat dié jaar gegradueer het. Die Ingenieursfakulteit is ook baie ingenome daarmee dat 2001 sy eerste swart doktorandus gelewer het. Nóg 'n mylpaal was die eerste gegradueerdes van histories swart universiteite wat hul M-grade in Ingenieurswetenskappe hier ontvang het nadat hulle die NDI in Satellietkommunikasie verwerf het.

Omdat al hoe minder leerders wiskunde en wetenskap as vakke in Graad 11 en 12 kies, kan Suid-Afrika nie in die aanvraag na bekwame wetenskaplikes, ingenieurs en tegnici voorsien nie. Baie bewus van dié dilemma, loods die Ingenieursfakulteit reeds 'n geruime tyd verskeie uitreikprogramme om leerders en opvoeders bewus te maak van die belang van ingenieurswese en van die groot verskeidenheid loopbaan-geleenthede wat dié veld bied. Al hierdie uitreikprogramme is gekonsolideer onder een dak met die opening van die Fakulteit Ingenieurswese se Skolesentrum op 16 Maart 2001 deur dr Dullah Omar, Minister van Vervoer.

Die fakulteit heg baie waarde aan deeglike beplanning, goeie skakeling met die industrie, gehaltenavorsing en hegte vennootskappe. Daarom is twee mede-dekaansposte – een vir strategiese beplanning en nywerheidskakeling en die ander vir navorsingsontwikkeling en die sluiting van buitelandse vennootskappe – geskep om op hierdie aspekte te konsentreer. Die twee bekleërs is proff Arnold Schoonwinkel en Leon Lorenzen. Op die gebied van strategiese beplanning en nywerheids-kakeling is baie bestuursaandag die afgelope jaar aan die fakulteit se twee jong delegaatmaatskappye, SUNSPACE en CAE, gegee. Verskeie besoeke is aan Suid-Afrikaanse en buitelandse nywerhede gebring en 'n aantal oorsese nyweraars is by die fakulteit ontvang. Goeie aanvoorwerk is ook gedoen om samewerking met buitelandse universiteite te bewerkstellig. Tot dusver het die fakulteit 50 ooreenkomste met 37 instansies aangegaan, waarvan 20 reeds amptelike vennootskappe is. Op voor- en nagraadse gebied is daar goed gevorder met die aanbied van gesamentlike programme deur die Ingenieursfakulteite van die Universiteit Stellenbosch en die Universiteit van Kaapstad.

Met globale mededingendheid as wagwoord werk die Departement Bedryfsingenieurswese ywerig om Suid-Afrikaanse besighede en nywerhede in staat te stel om waardige rolspelers op internasionale gebied te wees. Die departement en sy Globale Mededingendheid-sentrum (GCC) was betrokke by verskeie geslaagde konferensies, waarvan die aanbied van COMA '01 (International Conference on Competitive Manufacturing) 'n goeie voorbeeld is. Die konferensie is deur meer as 130 afgevaardigdes van 14 lande en deur 37 plaaslike nywerhede bygewoon. Die nypende situasie wat MIV/Vigs veral in die Suid-Afrikaanse werkplek geskep het, het die Departement Bedryfs-ingenieurswese genoodsaak om 'n hulpmiddel te ontwikkel waarmee maatskappye die impak van die pandemie kan hanteer. Dit is 'n Windows-gebaseerde rekenaarpakket genaamd HIV/AIDS EDEN wat maatskappye in staat sal stel om MIV/Vigs-strategieë te ontwikkel, te implementeer en te bestuur.

In 2001 is die hoogste navorsingsuitset sedert 1995 deur die Departement Chemiese Ingenieurswese gelewer. Daar was meer as twee publikasies per senior lektor ekwivalent, wat heelwat hoër is as die Universiteit se teiken van 0,5. Die departement is een van die leiers by die totstandkoming van die Omgewingsforum van die Universiteit. Hierdie forum stel hom ten doel om omgewingsnavorsing te bevorder deur gebruik te maak van kundiges uit verskeie omgewings binne die Universiteit om gesamentlike navorsingsprobleme op te los.

'n Navorsingsprojek oor 'n unieke, betroubare stelsel wat deurlopende elektrisiteitsverskaffing kan verseker, is in die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese geloods. Elektrisiteit word doeltreffend gestoor deur middel van die laekoste- energiestorende tegnologie wat in 'n Vanadium-redoksbattery gebruik word en word dan tydens piekaanvraagtye asook kragonderbrekings onmiddellik beskikbaar gestel. 'n Ander hoëvlak-navorsingsprojek het gelei tot aansoek om registrasie van 'n patent om programmeerbare, geïntegreerde stroombane in supergeleidende tegnologie, wat teoreties teen 'n klokspoed van honderd GHz kan loop, te implementeer.

'n Groot eer het prof Detlev Kröger van die Departement Meganiese Ingenieurswese te beurt geval deurdat 'n internasionale kongres ter ere

van hom gehou is. Die International Association for Hydraulics Research se twaalfde Cooling Tower and Heat Exchanger Symposium is in November 2001 in Sydney gehou om prof Kröger se beduidende bydrae tot navorsing oor koeltorings en lugverkoelde verkoelers te vier. Vyf studente van die departement het in Desember 2001 vir twee maande na Antarktika vertrek om verskeie navorsingsprojekte aan te pak. Dit is die eerste maal dat ingenieurswese-navorsing in Antarktika gedoen word.

'n Nuwe en baie belangrike vak, Informatika, wat in 1999 deur die Departement Siviele Ingenieurswese ingestel is, het einde 2001 sy eerste gegradueerdes gelewer. Informatika fokus op die behoeftes van ingenieurspraktyke in 'n informasiegedrewe omgewing. Die Informatika-kursus dek drie hoofvelde, naamlik algemene teorieë, algoritmes, en tegnieke vir implementering van stelsels. Dit word in Suid-Afrika net deur die US aangebied. Die SANRAL-leerstoel vir Plaveiselingenieurswese is in 2001 in die departement ingestel met prof Kim Jenkins as bekleër.

Die Departement Toegepaste Wiskunde, wat uniek is in die opsig dat dit die enigste departement in sy soort in die land is wat in 'n ingenieursfakulteit gesetel is, is die tuisdepartement vir die BIngwet-program. Hierdie nuwe graadprogram, wat op programmatuur, apparatuur, patroonherkenning, seinverwerking en beeldverwerking gerig is, is in 2000 vir die eerste maal aangebied. Veertig eerstejaars het reeds in 2001 daarvoor ingeskryf. Die departement het ook die afgelope jaar heelwat kontrakwerk gedoen en daarmee waardevolle befondsing gegenereer wat meestal vir studente-ondersteuning gebruik is.

Die Fakulteit Ingenieurswese is nie net by die opleiding van ingenieurs en navorsing betrokke nie, maar speel ook 'n rol by die daarstelling van standaarde vir die beroep. Die dekaan, prof PW van der Walt, is die voorsitter van die liggaam wat standaarde vir ingenieurskwalifikasies vir die Nasionale Kwalifikasieraamwerk ontwikkel.

Die fakulteit het ook die Universiteit se eerste reklame-CD vrygestel. Dit is in Virtual Book-formaat met 'n oplaag van 2 000, waarvan ongeveer 1 000 aan skole gestuur is. Dit word beskou as 'n uiters geskikte medium om die fakulteit by voornemende studente te bemark.

KRYGSKUNDE

PROF JOHAN MALAN,
Dekaan, Fakulteit Krygskunde

Die leuse van die Militêre Akademie, Discendo Armenus, rugsteun die fakulteit se ywerige pogings om ander te inspireer tot lewenslange leer.

In 2001 is die Fakulteit Krygskunde gekonfronteer met die realiteite van kurrikulumontwikkeling en die ontwikkeling van leermateriaal vir die aanbieding van die eerstejaar-semestermodules. Hierdie aktiwiteite het voortgespruit uit die omvattende herskrywing van al die voorgraadse en nagraadse akademiese programme van die fakulteit in 2000.

Die Militêre Akademie het ook aansoek gedoen om registrasie as diensverskaffer met die oog op die aanbied van niegraadprogramme. Twee van hierdie niegraadprogramme, wat amptelik vanaf 2001 aangebied word, is die Voorbereidende Sertifikaat in Militêre Studie en die Sertifikaat in Militêre Studie in die tegnologieverwante programme. Die Voorbereidende Sertifikaat verteenwoordig die formalisering van die oorbruggingsprogram van die fakulteit en is vergelykbaar met die huidige voorstelle vir die Grondslagsertifikaat. Die Sertifikaat in Militêre Studie (vergelykbaar met die huidige voorstelle vir die Beroepsgerigte Sertifikaat) word aangebied vir leerlingvlieëniers van die Suid-Afrikaanse Lugmag. Hierdie blootstelling aan die behoeftes van die vlieëniers het die noodsaak van formele en informele akademiese steunprogramme en 'n evaluering van die toepaslikheid van die huidige onderrig-leertegnieke vir 'n multikulturele groep studente beklemtoon.

Die navorsingsinsette van die fakulteit het toegeneem vergeleke met 2000. Die fakulteit het hom as die fasiliteerder van navorsing binne die Departement van Verdediging geposisioneer deur verantwoordelikheid te aanvaar vir die daarstelling van 'n navorsingskoördineringsraad. Hierdie raad sal toegespits wees op die onderlinge deel van menslike en materiële hulpbronne, die gehalteversekering van navorsingsvoorstelle, advies oor navorsingsprioriteite, die verspreiding van navorsingsinligting en die kanalisering van navorsingsgeleenthede na toepaslike diensverskaffers. Hierdie rol sal die fakulteit hopelik in 'n beter posisie plaas vir die befondsing en uitbreiding van sy eie navorsing.

Dit is nou al gebruiklik dat die fakulteit jaarliks 'n suksesvolle multidissiplinêre kongres aanbied. Die tema van 2001 se kongres was *Oorlog en Samelewing in Afrika*. Altesaam 62 referate is gelewer, waaronder 18 deur nagraadse studente en 11 deur buitelandse akademici.

Lede van die fakulteit het in 2001 akademiese dienste aan die verskillende stafkolleges gelewer in die vorm van lesings en die eksterne moderering van eksamenvraestelle en -skrifte. Ander personeellede het aan departementele konferensies en werkswinkels deelgeneem, taalkursusse aangebied aan lede van die Departement van Verdediging en as militêre regters opgetree.

Fakulteitslede het as medestudieleiers of eksterne eksaminatore by ander hoëronderwysinrigtings opgetree. Hulle was ook betrokke by gemeenskapsontwikkelingsprogramme, het artikels vir die massamedia geskryf, volwassene-onderwysprogramme aangebied en in gemeenskaps-organisasies gedien. Die aanbieding van 'n bestuursoriënteringsprogram vir entrepreneurs aan die Weskus deur Vakgroep Militêre Bestuur, in samewerking met die West Coast Business Development Centre, was veral geslaagd.

Ook die studente van die Fakulteit Krygskunde was aktief betrokke by 'n aantal gemeenskapsprojekte. Die Loopbaankeuseprojek het vereis dat nagraadse studente in Bedryfsielkunde (Mil) die gebruik van beroepsvoorligtingsprogrammatuur deur leerders ondersteun. Ander studente was betrokke by die ontwikkeling van handleidings vir lewensvaardigheidsontwikkeling en die aanbieding van die programme in Diazville Sekondêre Skool. Sommige studente het in die winter-vakansie 'n kursus in entrepeneurskapopleiding gevolg wat deur Matie Gemeenskapsdiens aangebied is. Na voltooiing daarvan het 32 studente die kursus vir 424 leerders uit 25 hoërskole aan die Weskus aangebied.

Die fakulteit het 'n uitbreiding van omtrent 30% in akademiese en administratiewe poste ervaar. Dit was die gevolg van die verwagte ontwikkelinge ten opsigte van e-leer in die Departement van Verdediging. Die eerstejaarsmodules (en later die res van die graadprogramme) van geselekteerde akademiese programme sal vanaf Januarie 2003 op hierdie wyse as 'n eksperiment vir 30 lede van die Departement van Verdediging aangebied word. Hierdie loodsprojek sal hopelik die weg baan vir die volskaalse aanbieding van al die graadprogramme deur middel van e-leer.

Die leuse van die Militêre Akademie, *Discendo Armemus* (Bewapen jouself deur studie), lê ten grondslag van die ywerige pogings van die fakulteit om ander te inspireer tot lewenslange leer.

LANDBOU- EN BOSBOUWETENSKAPPE

Die Fakulteit Landbou- en Bosbouweten-skappe is in 2001 op die weg van dinamiese selfvernuwing geplaas na die samesmelting van die voormalige fakulteite Landbouwetenskappe en Bosbou.

PROF LEOPOLDT VAN HUYSSTEEN,
Dekaan, Fakulteit Landbou- en Bosbouwetenskappe

Die samesmelting in 2000 van die voormalige fakulteite Landbouwetenskappe en Bosbou het ons op 'n pad van dinamiese selfvernuwing geplaas, onder andere deurdat die strategiese doelwitte van verskeie departemente deurgaans herbeskou en aangepas is. Daar is in die verslagjaar veral gekyk na die fokus en herposisionering van die departemente Boskunde, Entomologie en Nematologie, Genetika, Grondkunde, Hortologie, Houtkunde en Wingerd- en Wynkunde.

Hierdie beplanningsproses is met woord en daad ondersteun. So is daar byvoorbeeld 'n heeltemal nuwe onderrigprogram vir Houtkunde ontwikkel en 'n uitgebreide akademiese sakeplan is opgestel om die departement te herposisioneer. Daar is, in samewerking met die wynbedryf, 'n nuwe semi-kommersiële skaalwynkelder vir opleiding en navorsing op Welgevallen opgerig teen 'n koste van nagenoeg R1,9 miljoen. 'n Spesiale glashuis vir die hantering van geneties gemanipuleerde plante is pas teen ongeveer R2 miljoen voltooi. 'n Bedrag van sowat R1,5 miljoen is aan vestigingsfondse uitbetaal om die navorsing van nuutaangestelde kollegas aan die gang te kry. In 2000 is nagenoeg R1,9 miljoen hiervoor aangewend. 'n Aantal laboratoriums in die JH Neethlinggebou is ook pas teen 'n koste van sowat R757 000 heringerig.

Drie kollegas, te wete prof WA Coetzer, dr DM Barry en dr FE van Niekerk, is van die Fakulteit Natuurwetenskappe na ons oorgeplaas om 'n dierefisiologiekomponent in die Departement Veekundige Wetenskappe te vestig. Dit was 'n sinvolle besluit; die Departement Veekundige Wetenskappe kan nou inderdaad 'n eenstopdiens ten opsigte van opleiding, navorsing en dienslewering aan die veebedrywe lewer.

Navorsingsuitsette in die vorm van publikasies en referate het weer eens gestyg. Kennisuitruiling en samewerking met internasionale instansies was eweneens aktief, soos bewys deur 'n volgehoue stroom van buitelandse besoekers aan die fakulteit. Verskeie buitelandse reise is ook

deur ons personeel onderneem om internasionale vakkonferensies en ander geleenthede by te woon. Personeel van die Departement Voedselwetenskap was byvoorbeeld in Julie by die *3rd International Symposium on Propionibacteria* in Switserland, en in September by die *9th World Congress on Anaerobic Digestion* in België. Dr D Holcroft het in Julie die *8th International Controlled Atmosphere Research Conference* in Nederland bygewoon en mev V Carey het in Oktober die Departement Wingerd- en Wynkunde verteenwoordig by die *11th Australian Wine Industry Technical Congress* en die *26th World Congress of the Office International de la Vigne et du Vin.* Hierdie noodsaaklike interaksie met eweknieë van wêreldformaat is nodig om 'n hoë akademiese standaard te handhaaf en aan die voorpunt te bly met navorsing en ontwikkeling.

Ons vennote in die bedrywe erken hierdie uitnemendheid en 'n groot aantal navorsingsprojekte word deur hulle befonds. Ons het ook verskeie akademiese poste wat heeltemal of gedeeltelik deur die bedrywe befonds word, byvoorbeeld by Hortologie, Houtkunde en Wingerd- en Wynkunde. Na suksesvolle samesprekings oor ons akademiese aanbod en navorsingsvisie is 'n samewerkingsooreenkoms met die sitrusbedryf geïnisieer.

LETTERE EN WYSBEGEERTE



PROF IZAK VAN DER MERWE, Dekaan, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

Om kundige, kritiese denkers en professionele mense te lewer wat 'n uitsonderlike bydrae tot die kulturele verryking en kennisbehoeftes van die samelewing kan maak, is die strewe van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte.

In 2001 het die fakulteit deur unieke onderrigprogramme, navorsingsaktiwiteite en dienslewerende betrokkenheid weer eens uitstekend aan die bogenoemde strewe voldoen. In die huidige kennismark ervaar die geesteswetenskappe 'n herontdekking en ons fakulteit is ideaal geposisioneer in hierdie dinamiese konteks.

Onderrig van studente is ons primêre funksie, maar dan teen die agtergrond van 'n spesifieke navorsingsraamwerk. Met ingang 2001 is die 17 opwindende nuwe voorgraadse graadprogramme ook op tweedejaarsvlak ingefaseer. Die feit dat sowat 3 800 studente – 'n vyfde van die US se totale studentetal – gedurende 2001 in hierdie fakulteit gestudeer het, is 'n aanduiding van die arbeidsmark se behoefte aan werknemers wat, naas spesialiskennis, ook oor breër generiese vaardighede beskik. Hierdie studente is uiteraard besonder aanpasbaar binne 'n breë spektrum van beroepe.

Ons is voorts trots op die feit dat 37% van ons studente nagraads studeer. Die nagraadse komponent maak dan ook 'n kwart van die 963 grade uit wat gedurende die jaar aan studente in die Lettere en Wysbegeerte toegeken is.

Om gehalte-onderrig vir hierdie groot groep studente te verseker, is voortdurende vernuwing nodig. 'n Voorbeeld hiervan is die nuutgekonstitueerde Departement Inligtingwetenskap, wat die voormalige departemente Inligtingkunde en Godsdienskunde ondervang, en die gekoppelde navorsingsentrum vir Kennisdinamika en Besluitneming.

Die fakulteit vorder goed in sy poging om kundigheid aan 'n diverse studentebasis te bied – 'n kwart van ons totale getal studente is swart of bruin, 42% is Engels- of anderstalig en 5% het 'n internasionale herkoms. Ons doen voorts alles in ons vermoë om ook in ons personeelsamestelling groter gelykberegtiging te bewerkstellig. Streeksamewerking vind plaaslik en nasionaal op verskillende maniere plaas, maar dit is veral met betrekking tot die skeppende en uitvoerende kunste dat interaksie met die Universiteit van Kaapstad begin vorm aanneem.

Naas onderrig is navorsing ons ander fundamentele aktiwiteit. Op hierdie terrein het die fakulteit sy goeie prestasierekord gehandhaaf. 'n Bewys hiervan is die 111 geakkrediteerde navorsingspublikasies wat gedurende die jaar deur die 170 dosente en navorsers gepubliseer is. Ongeveer R3,9 miljoen is gedurende 2001 deur statutêre rade/instansies vir navorsingsprojekte van personeellede in die fakulteit toegeken. Twee kollegas is met die prestigeryke Rektorstoekenning vir Voortreflike Navorsing vereer. Internasionale netwerke met universiteite en besoekende professore is goed gevestig in Europa, maar ontwikkel nou ook deur samewerkingsooreenkomste in Afrikalande soos Gaboen. Die fakulteit maak nou gereed vir die nasionale NNS-evalueringsproses van geesteswetenskaplikes en wil die grootste moontlike getal graderings verwerf.

Die fakulteit het ook deur middel van gemeenskapsdiens sy verantwoordelikheid suksesvol uitgeleef. Afgesien van verskeie departementele projekte, is die Afrikaanse Woordfees 'n uitsonderlike geleentheid vir die Departement Afrikaans en Nederlands om saam met die res van die fakulteit deur die letterkunde, drama en musiek na die gemeenskap uit te reik. Kennisvennote uit die privaat sektor soos Janssen-Cilag, Naspers en die Skye Foundation ondersteun verskeie van ons onderrig- en navorsingsprogramme.

Die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte se jaarverslag *Gees van die Lettere/Spirit of the Arts* bied 'n meer volledige oorsig van die omvangryke en diverse aktiwiteite wat in 2001 plaasgevind het. In die woorde van die US-missie "die bestaansdoel van die Universiteit van Stellenbosch is om in verbondenheid aan die universitêre ideaal van uitmuntende wetenskapsbeoefening 'n omgewing te skep en vol te hou waarbinne kennis ontdek, gedeel en tot voordeel van die gemeenskap aangewend kan word" (US-Strategiese Raamwerk, 1999) aanvaar die fakulteit sy verantwoordelikheid in elk van die 18 departemente met volle akademiese toewyding vir 2002.

REGSGELEERDHEID

PROF JAMES FOURIE,
Dekaan, Fakulteit Regsgeleerdheid

Sterk internasionale kleur vir Regsgeleerdheid – nuwe modulêre LLM-program lok groot internasionale belangstelling en buitelandse regsgeleerdes lewer belangrike insette.

In sy tagtigste bestaansjaar het die Fakulteit Regsgeleerdheid weer eens 'n suksesvolle akademiese jaar agter die rug. Die groeiende aantal eerstejaarstudente wat vir regstudie inskryf, stel groter eise aan die dosentekorps wat, benewens onderrig, ook navorsing doen en gemeenskapsdiens verrig.

Behalwe die tradisionele BA (Regte) en BComm (Regte), gevolg deur die nagraadse LLB, kan studente nou ook 'n voorgraadse vierjarige LLB-program volg. Die jaar 2001 se inskrywings het bewys dat die vierjarige LLB nou net so gewild soos die BComm (Regte)-program is. Verder kan studente wat 'n baccalaureusgraad in enige dissipline behaal het, na keuring tot die nagraadse driejarige LLB toegelaat word.

Die BRek, LLB-program, wat die eerste soortgelyke studieprogram in Suid-Afrika is, is verlede jaar geïmplementeer. Hierdie vyfjarige program wat aan bogemiddelde studente die geleentheid bied om twee professionele rigtings in een program te kombineer, is baie gewild. Suksesvolle studente kan, na voltooiing van hierdie rigting, die regsberoep óf die rekenmeestersberoep volg. Die fakulteit het groot verwagtinge van hierdie program en voorsien dat dit in die toekoms baie studente gaan trek.

Op nagraadse vlak is daar veral uit die buiteland groot belangstelling in die modulêre LLM-program (wat ook deur middel van telematiese onderrig aangebied word) wat aan studente die keuse bied om in Handelsreg, Privaatreg of Publiekreg te spesialiseer. Die vele samewerkingsooreenkomste met buitelandse universiteite in Europa, Skotland en die VSA gee 'n sterk internasionale kleur aan die fakulteit. Soos in die verlede, het die fakulteit baie besoek van buitelandse regsgeleerdes ontvang wat op onderrig- en navorsingsvlak belangrike insette gelewer het.

Ongeveer 15% van die regstudente is nie wit nie en 25% is Engelssprekend. Weens gebreke in die skoolopvoedingstelsel en 'n toenemende persentasie studente wat laks is en nie klasse bywoon nie, is die uitvalsyfer van eerstejaar- en tweedejaar-studente kommerwekkend hoog.

Drie nuwe kollegas het vanjaar by die fakulteit aangesluit. Dr Bhadra Ranchod, wat gedurende die tagtigerjare dekaan van die Regsfakulteit van Durban-Westville was en verlede jaar uitgetree het as hoë kommissaris van Suid-Afrika in Canberra, is aangestel as senior lektor in die Departement Privaatreg. Mnre Katjuera en Legwaila (eersgenoemde uit Namibië) is as nuwe lektore aangestel.

Op navorsingsgebied is die regsdosente se uitsette van die grootste by die Universiteit. Hulle publiseer gereeld en tree ook gereeld as referente by nasionale en internasionale kongresse op. Die fakulteit ontvang ook dikwels besoek van vooraanstaande regsakademici vanuit alle dele van die wêreld.

Die Regshulpkliniek is een van die belangrikste gemeenskapsdiensarms van die Universiteit en lewer gratis professionele diens in Stellenbosch en omgewing onder die bekwame leiding van sy direkteur, mnr Kruger van der Walt. Onder toesig van die direkteur, 'n gekwalifiseerde prokureur en 'n ingeskrewe kandidaatprokureur word regshulp kosteloos voorsien aan minderbevoorregte persone uit die omliggende dele van Stellenbosch. 82 senior LLB-studente kry in die kliniek die geleentheid om praktiese ervaring van 'n prokureurspraktyk op te doen. In die toekoms sal diens wat hier verrig word, ook erkenning kry in die formele LLB-program van die fakulteit.

GRADE, DIPLOMAS EN SERTIFIKATE TOEGEKEN

Eerste Baccalaureusgrade	2 333
Gevorderde Baccalaureusgrade	302
Honneurs-baccalaureusgrade	861
Magistergrade	821
Doktorsgrade	103
Totaal	**4 420**
Voorgraadse Diplomas/Sertifikate	161
Nagraadse Diplomas/Sertifikate	326
Totaal	**487**

STUDENTETAL PER FAKULTEIT

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	5 309
Gesondheidswetenskappe	2 950
Ingenieurswese	1 557
Krygskunde	239
Landbou- en Bosbouwetenskappe	900
Lettere en Wysbegeerte	3 803
Natuurwetenskappe	2 100
Opvoedkunde	4 697
Regsgeleerdheid	847
Teologie	311
Totaal	**22 713**

TEOLOGIE



PROF DANIËL LOUW,
Dekaan, Fakulteit Teologie

Verskillende rolspelers betrokke by die Fakulteit Teologie is in 2001 saamgesnoer om as 'n span binne die raamwerk van onderlinge vertroue te konsolideer.

2001 was vir die Fakulteit Teologie 'n jaar van konsolidasie. Daar is probeer om die verskillende rolspelers betrokke by ons fakulteit saam te snoer as 'n span binne die raamwerk van vennootskapsdenke en onderlinge vertroue. Ons teiken was: samewerking tussen die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) en die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) sowel as ander denominasies binne die konteks van 'n akademiese programaanbod en die Universiteit se oorhoofse teikens.

Die volgende hoogtepunte word uitgesonder:

- Beleid en struktuur

  'n Nuwe struktuur is vir die Fakulteit Teologie gevestig om uitdrukking te gee aan ons nuwe identiteit. Die volgende strategiese posisionering is as konsep aanvaar:

  Die fakulteit behoort nie aan 'n spesifieke kerklike denominasie nie en is wesenlik deel van die Universiteit. Dit is vir die Fakulteit Teologie belangrik om in te skakel by die Universiteit se fokuspunte rakende navorsing, onderrig en dienslewering. Die fakulteit bied teologie aan vanuit 'n Christelike perspektief en wil ekumenies wees. Dit bied ruimte aan alle denominasies om hul studente voor te berei vir Christelike leierskap, die kerklike bediening en pastorale hulpverlening. Op hierdie wyse wil die fakulteit denominasionele diversiteit reflekteer binne die vestiging van 'n kultuur van wedersydse respek, ontmoeting, begrip en eenheid.

  Ruimte word vir verskillende teologie-denkskole gemaak volgens die behoeftes van die rolspelers. Daar is tans 'n skool vir gereformeerde teologie met twee vennote: die VGK en die NGK. Die Presbiteriaanse Kerk het in Oktober 2001 besluit om voortaan beide Stellenbosch en Pretoria as opleidingsentrums te gebruik.

  Ds K August van die Morawiese Kerk is vas aangestel in die Departement Praktiese Teologie en Missiologie.

- Die skep van simbole

  Die nuwe simbool hierby is as embleem ontwerp om uitdrukking te gee aan die fakulteit se nuwe identiteit.

Die leuse *sol iustitiae illustra nos* is 'n gedeelte uit die Ou Testament: son van geregtigheid, bestraal ons (Mal. 4:2). Die sewe segmente van die sonstrale verteenwoordig die sewe gemeentes van Klein-Asië. Die sirkel dui op eenheid, verbondenheid en die gemeenskap van gelowiges (koinonia). Die sewe is saamgestel uit die getal 3 (triniteit) en 4 (getal van die mens) en simboliseer die verbondsontmoeting tussen God en die mens. In die middel staan die opgestane Christus (die Lig) wat alle vlakke van menswees en die samelewing deurstraal. Die sirkel en son sluit aan by die rondawel- en sonmotief wat in Afrika 'n belangrike rol speel (sirkel = kommunaliteit en samesyn).

Die kruis is in 'n subtiele menslike vorm. Dit is 'n aanduiding van die identifisering van God met ons menslike nood en lyding.

- Teologie binne kulturele en samelewingskonteks

  Daar is oorgegaan tot die stigting van 'n Beyers Naudé-sentrum vir Publieke Teologie. Hiermee wil die fakulteit op navorsingsvlak en met behulp van interdissiplinêre samewerking aandag gee aan dringende samelewingsvraagstukke soos armoede, vigs en die etos van 'n globale markgedrewe ekonomie en watter invloed dit op die sosiaal-teologiese probleem van menswaardigheid, identiteit en geregtigheid het.

- Teologie en die vraagstukke van Afrika

  NetAct is verder uitgebou. NetAct is 'n eenheid wat daarop ingestel is om 'n netwerk te lê tussen alle teologiese opleidingsinstansies in Suidelike Afrika. Die doel is om opleidingsinstansies te bemagtig, die gehalte van opleiding te verhoog, gesamentlike navorsingsprojekte te loods, te leer van verskillende instansies om die konsep van Afrikanisering in die teologie uit te bou en onderlinge samewerking te bevorder.

EREGRADE

Die Universiteit het in die verslagjaar agt eregrade toegeken.

Ter viering van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe se 75ste bestaansjaar is daar in Desember 2001 eredoktorsgrade in die Handelswetenskappe verleen aan die Minister van Finansies, Trevor Manuel, en sy twee voorgangers, Derek Keys en Chris Liebenberg. Victor Honey, wat baie jare lank aan die Departement Beeldende Kunste verbonde was, het 'n eremagistergraad in die Lettere ontvang.

Tydens die aanvullende gradeplegtighede in Maart 2002 het die Universiteit eredoktorsgrade verleen aan twee oud-Maties, proff Johan Degenaar en Jaap Durand, en twee Europese akademici, proff Piet van Sterkenburg en Walther Zimmerli.

Prof Johannes Jacobus Degenaar het die graad DPhil, *honoris causa,* ontvang vir sy rigtinggewende bydraes tot die filosofie, tot die geesteswetenskappe in die algemeen en tot 'n vernuwing in die literêre en estetiese teorie, maar ook die politieke en die religieuse denke in Suid-Afrika. Hy is die skrywer van talle invloedryke publikasies en 'n baanbrekersfiguur wat 'n groot verskeidenheid filosofiese denkskole en konsepte bekend gestel het.

Prof Johannes Jacobus Fourie Durand het die graad PhD, *honoris causa,* ontvang vir sy bydraes as teoloog en akademikus tot die geesteswetenskappe in die algemeen en die uitbouing van hoër onderwys in Suid-Afrika. Hy geniet wye erkenning as 'n visionêre gees, as 'n mens met integriteit en 'n invloedryke figuur in die soeke na geregtigheid, versoening en vrede in ons samelewing.

Mnr Charles Victor Richard Honey het die MA (BK), *honoris causa,* ontvang vir sy bydrae tot die skone kunste self, die opvoedkundige sy van die skone kunste en die vestiging van ontwerponderwys in Suid-Afrika. Hy was baie jare lank 'n steunpilaar in die bestuur van die Departement Beeldende Kunste en het oor 'n tydperk van vier dekades 'n aktiewe rol in die Suid-Afrikaanse kunswêreld gespeel.



MNR VICTOR HONEY ontvang die MA (BK), *honoris causa,* van PROF ANDREAS VAN WYK.

Van links na regs: PROFF JAAP DURAND en JOHAN DEGENAAR, die Kanselier, PROF ELIZE BOTHA, PROFF WALTHER ZIMMERLI en PIET VAN STERKENBURG by PROF CHRIS BRINK (agter)

Dr Derek Lyle Keys het die graad DComm, *honoris causa*, ontvang vir sy bydrae tot bedryfsleiding en staatsfinansiële en ekonomiese beleidsbestuur in Suid-Afrika. Hy is 'n strategiese denker en eksponent van gedesentraliseerde bestuur en was in die laat 80-erjare verantwoordelik vir die transformasie van Gencor. In 1993, toe Suid-Afrika in die midde van ekonomiese onrus was, het hy 'n sentrale rol in grondwetlike hervorming gespeel.

Dr Christo Ferro Liebenberg het die graad DComm, *honoris causa*, ontvang vir sy bydrae tot bedryfsleiding en staatsfinansiële bestuur in Suid-Afrika. Hy is 'n erkende leiersfiguur in die Suid-Afrikaanse en internasionale bankwese. Na sy suksesverhaal met Nedbank en Nedcor is hy in 1994 tydens die regering van Nasionale Eenheid as Minister van Finansies aangestel. Daarna het hy as voorsitter teruggekeer na Nedcor.

Dr Trevor Manuel het die graad DComm, *honoris causa*, ontvang vir sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse staatsfinansiële bestuur, fiskale beleid en ekonomiese ontwikkeling. Hy het enorme binnelandse en internasionale aansien verwerf vir sy volharding met en konsekwentheid in gesonde fiskale beleidvoering. Dit het 'n belangrike baken van die regering se geloofwaardigheid in die plaaslike en internasionale ekonomiese sfeer geword.

Prof Petrus Gijsbertus Jacobus van Sterkenburg het die graad DLitt, *honoris causa*, ontvang vir sy merkwaardige bydrae tot die letterkunde, veral as leksikograaf en dialektoloog. Onder sy leiding het die samewerking tussen die redaksionele spanne van die veertigdelige *Woordenboek der Nederlandsche Taal* (die grootste woordeboek ter wêreld) en die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* aansienlik uitgebrei.

Prof Walther Christoph Zimmerli het die graad DPhil, *honoris causa*, ontvang vir sy bydraes tot die filosofie wêreldwyd, tot die geesteswetenskappe in die algemeen en tot die bevordering van akademiese aktiwiteite aan ons universiteit. Prof Zimmerli het 'n leidende rol gespeel met die stigting van die Stellenbosch Instituut vir Gevorderde Navorsing (SIGNA) en is 'n lid van die wetenskaplike adviesraad van SIGNA.

Van links na regs:
DRR CHRIS LIEBENBERG en TREVOR MANUEL,
PROF ESTIAN CALITZ en DR DEREK KEYS

DIE KANSELIERSMEDALJE

Die Kanselier ken jaarliks in Desember dié gesogte medalje toe aan die Universiteit se voortreflikste finalejaarstudent.

Christopher Vale, wat die 2001-ontvanger van die Kanseliersmedalje is, word volgens alle aanduidings beskou as die beste student wat die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese nog opgelewer het. Hy het elke jaar van sy BIng-kursus met 'n gemiddelde punt van meer as 90% geslaag. Die magistergraad in Elektroniese Ingenieurswese waarmee hy in 1999 begin het, is opgegradeer na 'n PhD omdat hy so suksesvol was met die formidabele taak om 'n metodiek te formuleer vir die ontwerp van wyeband-mikrogolfstrukture met meervoudige in- en uittreegolwe. Sy proefskrif het uit verskeie oorde die hoogste lof ontvang en dele van die werk is reeds in twee internasionale vaktydskrifte gepubliseer.

Mnr Vale het etlike prestige-toekennings vir sy uitmuntende akademiese werk ontvang. Hy is egter ook 'n veelsydige mens wat op sportgebied, op leierskapsvlak en in gemeenskapsdiens tot die universiteitslewe bygedra het.



MNR CHRISTOPHER VALE,
2001-wenner van die Kanseliersmedalje

Verklaring insake werker- en studentedeelname

Die Strategiese Raamwerk van die Universiteit Stellenbosch beklemtoon die belang van die deelname van rolspelers, en spesifiek studente en personeel. 'n Verbintenis tot beginsels van samewerkende bestuur en beheer en 'n deursigtige bestuurstyl word onder meer as vereistes gestel.

Op makrovlak het studente verteenwoordiging in die hoogste formele gesagstrukture soos die Universiteitsraad, die Senaat, die Institusionele Forum en fakulteitsrade. Ook in belangrike werkskomitees soos die Akademiese Beplanningskomitee, die Fisiese Beplanningskomitee, die Beurse- en Leningskomitee, die Biblioteekkomitee, die Koshuisadvieskomitee en die Sportadvieskomitee lewer studenteverteenwoordigers goeie bydraes. Ad hoc-komitees, soos met die aanwysing van die viserektore, die Rektor, inwonende hoofde en ander senior amptenare van die Universiteit, sluit ook studenteverteenwoordigers in.

Studente neem die voortou in alle komitees wat studenteaktiwiteite raak, soos met die karnaval, vensterversierings, intervarsity, Die Matie, MFM 92.6, Matie Gemeenskapsdiens, alle koshuis- en PSO-aktiwiteite, studenteverenigings en in sportklubs. Daar kan tereg gesê word dat studente aan die voorpunt is van besluitneming by alle aangeleenthede wat die Studente-unie aan die US ten nouste raak.

Werknemers het 'n kollektiewe betrokkenheid by verskeie verteenwoordigende liggame en besluitnemingsprosesse deur hul lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Parastatale en Tersiêre Instellingsunie (SAPTU), die Doserende Personeelvereniging, die Administratiewe Personeelvereniging, die Tegniese Personeelvereniging en die Ondersteuningspersoneelvereniging. Universiteitstrukture waarby een of meer verenigings betrokke is, is onder meer die Raad, die Senaat, die Institusionele Forum, die Universiteit Stellenbosch Aftredefonds, die Keurkomitee vir die aanstel van die lede van die Rektoraat en dekane, die Mediese Komitee, die Oorkoepelende Forum ten opsigte van diensbillikheid en die Veiligheidskomitees. Voorts is die vakbonde NEHAWU en SAPTU betrokke by raadplegingsvergaderings ten opsigte van verandering van diensvoorwaardes en vergoeding, sowel as die evaluering van prestasiegedrewe vergoeding en die opstel van die vaardigheidsontwikkelingsplan.

Die universiteit se etiese kode

Die Universiteit Stellenbosch funksioneer volgens 'n waardesisteem wat in sy Strategiese Raamwerk verwoord is en deur die hele universiteitsgemeenskap aanvaar word.

Die Universiteit het egter ook 'n spesifieke stel riglyne vir alle etiese aspekte van wetenskaplike navorsing. Hierdie riglyne word deur drie Etiek-komitees (een elk vir Gesondheidswetenskappe, Natuurwetenskappe en Geesteswetenskappe) toegepas om te verseker dat navorsers in elke verhouding met subjekte en objekte waarin hulle tydens wetenskaplike navorsing betrokke raak, in ooreenstemming met die tersaaklike etiese norme optree.

Die etiese norme wat in die riglyne verwoord word, geld reeds vanaf die evaluering van die doel van bepaalde navorsing en die voorwerp van navorsing en is ook bindend ten opsigte van finansieringsbronne, kliënte, die gemeenskap, die fisiese, biologiese en sosiale omgewing, die veiligheid van navorsers en medewerkers en die navorser se persoonlike verantwoordelikheid.

UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

INHOUD VAN DIE FINANSIËLE VERSLAG

34 Universiteitsraad se verklaring oor Korporatiewe Bestuur
34 Universiteitsraad se verantwoordelikheid vir Finansiële Verslagdoening
35 Ouditeursverslag
36 Rekeningkundige beleid
37 Balansstaat
38 Inkomstestaat
39 Staat van Veranderinge in Ekwiteit
39 Kontantvloeistaat
40 Aantekeninge tot die Finansiële Jaarstate

UNIVERSITEITSRAAD SE VERKLARING OOR KORPORATIEWE BESTUUR

Die Universiteit Stellenbosch het in 1918 ontstaan ingevolge Wet no. 13 van 1916, met die omskepping van die Victoria Kollege.

Die Raad van die Universiteit is teenoor sy verskeie belangegroepe rekenpligtig. Die Raad sien toe dat die Universiteit op verantwoordelike en deursigtige wyse bestuur word en het hom verbind tot gesonde bestuursbeginsels. Die Raad, wat 6 keer per jaar vergader, bestaan uit 31 lede. Die name van die lede van die Raad verskyn op bladsy 3. Die Raad het strukture geskep om toe te sien dat sy verpligtinge teenoor alle belangegroepe te alle tye behoorlik nagekom word.

Die Uitvoerende Komitee van die Raad, wat 6 keer per jaar vergader, skakel met die senior bestuur in die tydperk tussen Raadsvergaderings ten einde die sake van die Universiteit te bestuur. Dit bestaan uit 7 lede, soos uiteengesit op bladsy 3.

Die Ouditkomitee van die Raad, wat minstens 2 keer per jaar vergader, evalueer sake wat verband hou met korporatiewe bestuur, risikobestuur en die stelsel van interne beheer, insluitende interne en eksterne oudit, asook rekeningkundige beleid en finansiële rapportering. Die interne sowel as eksterne ouditeure het onbeperkte toegang tot die Ouditkomitee. Die Ouditkomitee, wat ooreenkomstig 'n skriftelike opdrag van die Raad funksioneer sedert 6 November 1992, bestaan uit 4 lede, soos uiteengesit op bladsy 3.

Die Menslike Hulpbronnekomitee van die Raad is verantwoordelik vir oorweging van en aanbeveling aan die Raad oor sake soos vergoeding en byvoordele van senior bestuur. Dit bestaan uit 5 lede, soos uiteengesit op bladsy 3.

Effektiewe, doeltreffende en deursigtige finansiële bestuur- en interne beheerstelsels word gebruik om te verseker dat die Universiteit se rekeningkundige rekords akkuraat is en om die integriteit van data te verseker wat vir die opstel van finansiële state en vir ander doeleindes, soos die Suid-Afrikaanse Na-Sekondêre Opvoeding (SANSO)-statistiek, gebruik word.

Daar is inherente beperkings op die doeltreffendheid van enige interne beheerstelsel, met inbegrip van die moontlikheid van menslike foute en die omseiling of omverwerping van beheermaatreëls. Gevolglik kan selfs 'n doeltreffende interne beheerstelsel slegs redelike gerusstelling verskaf ten opsigte van finansiële inligting en, in die besonder, dit wat in die finansiële state aangebied word.

Die interne en eksterne ouditeure evalueer die effektiwiteit, doeltreffendheid en deursigtigheid van die finansiële bestuur- en interne beheerstelsels. Gebreke in die stelsels word onder die aandag van bestuur en, waar toepaslik, onder die aandag van die Ouditkomitee gebring. Regstellende stappe word gedoen om beheergebreke en geleenthede vir verbeteringe van die stelsels aan te spreek wanneer hulle geïdentifiseer word.

UNIVERSITEITSRAAD SE VERANTWOORDELIKHEID VIR FINANSIËLE VERSLAGDOENING

Die Universiteitsraad aanvaar verantwoordelikheid vir die integriteit, objektiwiteit en betroubaarheid van die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die Universiteit Stellenbosch. Die verantwoordelikheid vir die voorbereiding en aanbieding van die finansiële state is aan die bestuur gedelegeer.

Die Raad is van mening dat die Universiteit Stellenbosch as 'n lopende saak bedryf word en die finansiële state is gevolglik op hierdie grondslag voorberei.

Die eksterne ouditeure is verantwoordelik daarvoor om 'n onafhanklike mening oor die redelikheid van die gekonsolideerde finansiële state uit te spreek na aanleiding van hul oudit. Hulle het onbeperkte toegang gehad tot alle finansiële rekords en verwante data, insluitend notules van vergaderings van die Raad en alle Raadskomitees.

Die Ouditkomitee het bevestig dat voldoende interne finansiële beheerstelsels in stand gehou word en dat daar geen wesenlike gebreke in die funksionering van die interne finansiële beheerstelsels gedurende die jaar was nie.

Die Raad is tevrede dat die gekonsolideerde finansiële jaarstate die finansiële stand, die resultate van bedrywighede, veranderinge in ekwiteit en kontantvloei redelik weergee ooreenkomstig die toepaslike rekeningkundige beleid wat op Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk gegrond is.

Geen wesenlike feite of omstandighede het ontstaan tussen die datum van die balansstaat en hierdie verslag wat die finansiële posisie van die Universiteit Stellenbosch wesenlik beïnvloed nie.

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate op bladsye 36 tot 48 is deur die Raad goedgekeur en namens hulle onderteken deur:

Desmond K Smith
Voorsitter van die Universiteitsraad

Chris H Brink
Rektor en Visekanselier

Gerhard S van Niekerk
Voorsitter van die Ouditkomitee

Nico J Basson
Hoofdirekteur: Finansies en Dienste

24 Junie 2002

Verslag van die onafhanklike ouditeure aan die Raad van die Universiteit Stellenbosch

Ons het die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die Universiteit Stellenbosch, soos uiteengesit op bladsye 36 tot 48 vir die jaar geëindig 31 Desember 2001 geouditeer. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die Raad van die Universiteit Stellenbosch. Ons verantwoordelikheid is om op grond van ons oudit 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek.

OMVANG

Ons het ons oudit ooreenkomstig Standpunte van Suid-Afrikaanse Ouditstandaarde uitgevoer. Hierdie standaarde vereis dat ons die oudit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry dat daar geen wesenlike wanvoorstelling in die finansiële state is nie. 'n Oudit behels:

- 'n ondersoek, op 'n toetsgrondslag, van bewyse wat die bedrae en openbaarmakings in die finansiële state steun,
- 'n beoordeling van die rekeningkundige beginsels wat gebruik is en beduidende ramings wat deur bestuur gemaak is, asook
- 'n oorweging van die algehele aanbieding van die finansiële state.

Ons is van mening dat ons oudit 'n redelike grondslag vir ons mening bied.

OUDITMENING

Na ons mening verstrek hierdie finansiële jaarstate in alle wesenlike opsigte 'n redelike weergawe van die finansiële stand van die Universiteit Stellenbosch op 31 Desember 2001, en van die resultate van sy bedrywighede, veranderinge in ekwiteit en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk en op die wyse deur die Minister van Onderwys, in terme van Artikel 41 van die Wet op Hoër Onderwys (Wet 101 van 1997, soos gewysig deur Wet 54 van 2000), vereis.

PricewaterhouseCoopers Inc.

PRICEWATERHOUSECOOPERS

Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)
Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure

Stellenbosch
24 Junie 2002

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate word opgestel volgens die historiese koste-grondslag in ooreenstemming met die vereistes van Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk. Die beleid stem ooreen met dié van die vorige jaar, behalwe soos aangedui in aantekening 1 op bladsy 40.

1. Grondslag van konsolidasie

Alle entiteite waarin die Universiteit, direk of indirek, 'n belang van meer as die helfte van die stemreg hou of andersins oor die vermoë beskik om beheer oor die bedrywighede uit te oefen, word op die gebruiklike wyse in die gekonsolideerde finansiële state ingesluit. Die resultate van filiale aangekoop gedurende die jaar word ingesluit vanaf die datum waarop effektiewe beheer verkry is. Bates verkry met die aankoop van 'n filiaal word waardeer teen 'n redelike waarde en waar nodig word voorsienings gemaak op datum van verkryging.

2. Geassosieerde maatskappye

'n Geassosieerde maatskappy is 'n maatskappy, anders as 'n filiaal, waarin die Universiteit 'n langtermynbelegging het en dus die vermoë het, vanweë die omvang van sy belegging, om 'n beduidende invloed daarop te kan uitoefen. Die resultate van geassosieerde maatskappye is deur middel van die ekwiteitsmetode van boekhouding verantwoord.

3. Buitelandse valuta

Valutatransaksies word te boek gestel teen die wisselkoers op die datum van die transaksie. Valutaverskille wat voortspruit uit die vereffening van sodanige transaksies, word erken as inkomste of uitgawes in die tydperk waarin hulle ontstaan.

4. Finansiële instrumente

Finansiële instrumente sluit in kontant, banksaldo's, beleggings, debiteure, krediteure en lenings. Hierdie instrumente word oor die algemeen aangetoon teen die verwagte billike waarde, tensy anders aangetoon.

5. Navorsings- en ontwikkelingskoste

Navorsings- en ontwikkelingskoste word afgeskryf in die jaar waarin dit aangegaan word, aangesien beide inherent is aan die gewone bedrywighede van 'n universiteit.

6. Beleggings

Skenkings word getoon teen die redelike markwaarde op die datum van die skenking. Alle ander genoteerde en ongenoteerde beleggings word getoon teen kosprys min afskrywings vir waardedalings wat geag word nie van 'n tydelike aard te wees nie. Sulke afskrywings, asook winste en verliese met realisasie, word in normale inkomste verantwoord. Dividende word as inkomste erken op die laaste dag vir registrasie ten opsigte van genoteerde aandele en wanneer dit verklaar word in die geval van ongenoteerde aandele.

7. Eiendom, boeke en toerusting

Alle eiendom, boeke en toerusting word teen kosprys getoon, behalwe vir skenkings van eiendom, boeke en toerusting wat teen billike markwaardes waardeer word deur onafhanklike, eksterne waardeerders.

Geen waardevermindering word op grond en geboue afgeskryf nie, omdat grond 'n onbeperkte leeftyd het en geboue deurlopend in stand gehou word en dus geag word 'n onbeperkte leeftyd te hê. Instandhoudingskoste word erken as uitgawes in die tydperk waarin hulle ontstaan.

Rekenaar- en ander toerusting word afgeskryf op die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur.

Biblioteekboeke word ten volle afgeskryf op die datum van aankoop.

8. Voorraad

Voorraad wat hoofsaaklik bestaan uit verbruikersgoedere en skryfbehoeftes, word getoon teen die laagste van kosprys, op die basis van gemiddelde koste ten opsigte van alle kategorieë, of netto realiseerbare waarde.

9. Kontant en kontantekwivalente

Kontant en kontantekwivalente bestaan uit kontant voorhande, daggelddeposito's, beleggings in geldmarkinstrumente en bankoortrekkings.

10. Inkomste-erkenning

Klas- en losiesgeld word erken soos die diens gelewer word.

Sentrale owerheidsbewilligings word erken in die periode waarvoor dit ontvang word.

Navorsingstoekennings word erken wanneer dit ontvang word en word nie uitgestel oor die termyn van die navorsing nie. Daarteenoor word die uitgawes ook verreken wanneer dit aangegaan word en word dit nie uitgestel oor die termyn van die navorsing nie.

Interdepartementele inkomste en uitgawes word geëlimineer.

GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT

Op 31 Desember 2001

	Aantekeninge	2001 R'000	2000 R'000
BATES			
NIE-BEDRYFSBATES		**1 472 999**	1 350 071
Eiendom, boeke en toerusting	4	624 033	582 917
Beleggings	5	848 966	767 154
BEDRYFSBATES		**360 312**	295 795
Voorraad		4 880	4 010
Debiteure en vooruitbetalings	6	105 614	84 724
Kontant en kontantekwivalente	13	249 818	207 061
TOTALE BATES		**1 833 311**	1 645 866
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE			
KAPITAAL EN RESERWES		**1 427 044**	1 225 335
Onbeperkte reserwes	2	55 039	3 759
Beperkte reserwes	2	1 372 005	1 221 576
NIE-BEDRYFSLASTE		**334 995**	342 802
Rentedraende lenings	3	122 715	118 382
Aftreevoordeelverpligting vir mediese skema	15	212 280	224 420
BEDRYFSLASTE		**71 272**	77 729
Handels- en ander krediteure en voorsienings	7	61 078	59 933
Studente- en ander opvraagbare deposito's		3 566	3 802
Lopende deel van rentedraende lenings	3	5 009	5 935
Oortrokke bank	13	1 497	7 930
Korttermynskuldaktes		122	129
TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE		**1 833 311**	1 645 866

GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

Vir die jaar geëindig 31 Desember 2001	Aantekeninge	Opvoedkundig en algemeen (beperk en onbeperk) R'000	Studente- en personeel-huisvesting (beperk) R'000	2001 Totaal R'000	2000 Totaal R'000
TOTALE INKOMSTE		990 568	69 038	**1 059 606**	944 570
HERHALENDE ITEMS					
Owerheidstoekennings		435 824	3 273	**439 097**	375 752
Studente-, inwonings- en ander gelde		160 401	56 587	**216 988**	190 713
Privaat skenkings, toekennings en kontrakte		213 513	819	**214 332**	192 841
Verkope van dienste en produkte		31 561	6 053	**37 614**	30 102
Subtotaal		841 299	66 732	**908 031**	789 408
Rente en dividende ontvang	11	86 169	2 306	**88 475**	79 554
		927 468	69 038	**996 506**	868 962
NIE-HERHALENDE ITEMS					
Wins met verkoop van eiendom, boeke en toerusting		6 425	–	**6 425**	2 297
Gerealiseerde wins met verkoop van beleggings		48 564	–	**48 564**	73 311
Wisselkoerswins		8 111	–	**8 111**	–
		63 100	–	**63 100**	75 608
TOTALE UITGAWES		797 263	60 634	**857 897**	790 916
HERHALENDE ITEMS					
Personeelkoste	9	411 816	9 285	**421 101**	401 445
– Akademies professioneel		227 151	–	**227 151**	210 373
– Ander		184 665	9 285	**193 950**	191 072
Ander bedryfsuitgawes	10	320 353	51 349	**371 702**	327 462
Waardevermindering	10	44 081	–	**44 081**	42 329
Subtotaal		776 250	60 634	**836 884**	771 236
Finansieringskoste		21 013	–	**21 013**	19 680
		797 263	60 634	**857 897**	790 916
TOEDELING NA RESERWES		5 131	(5 131)	**–**	–
OORDRAG NA OPVOEDKUNDIG EN ALGEMEEN		3 273	(3 273)	**–**	–
		8 404	(8 404)	**–**	–
NETTO INKOMSTE VIR DIE JAAR		201 709	–	**201 709**	153 654

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

Vir die jaar geëindig 31 Desember 2001

	Aantekeninge	Opvoedkundig en algemeen R'000	Studente- en personeel-huisvesting R'000	Filiaal-maatskappye R'000	Lenings-fondse R'000	Skenkings-fondse R'000	Vaste bate-fondse R'000	Totaal R'000
SALDO OP 1 JANUARIE 2000		116 886	14 439	1 227	43 841	140 241	529 901	846 535
Surplus vir die jaar		153 654	–	–	–	–	–	153 654
Verandering in rekeningkundige beleid	1	–	–	–	–	225 146	–	225 146
Toedeling na reserwes		(48 129)	4 405	3 229	2 110	50 853	(12 468)	–
Oordragte na reserwes		(83 160)	(1 917)	–	7 038	(17 001)	95 040	–
SALDO OP 31 DESEMBER 2000		139 251	16 927	4 456	52 989	399 239	612 473	1 225 335
SALDO OP 1 JANUARIE 2001		139 251	16 927	4 456	52 989	399 239	612 473	1 225 335
Surplus vir die jaar		201 709	–	–	–	–	–	201 709
Toedeling na reserwes		(17 953)	5 131	5 964	(573)	33 273	(25 842)	–
Oordragte na reserwes		(78 570)	(3 400)	–	6 537	(4 848)	80 281	–
SALDO OP 31 DESEMBER 2001		244 437	18 658	10 420	58 953	427 664	666 912	1 427 044

GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

Vir die jaar geëindig 31 Desember 2001

	Aantekeninge	2001 R'000	2000 R'000
KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIWITEITE			
Kontant ontvang uit owerheidsbewilligings en -toekennings		439 097	375 752
Kontant ontvang uit studente- en ander gelde		209 032	186 760
Kontant ontvang uit privaat skenkings, toekennings en kontrakte		214 332	192 840
Kontant ontvang uit toevallige verkope en dienste		44 989	27 634
Kontant betaal vir personeelkoste		(431 602)	(402 427)
Kontant betaal vir voorrade en dienste		(374 680)	(300 566)
Kontant deur bedrywighede voortgebring	12	101 168	79 993
Plus: Rente ontvang		71 919	69 597
Dividende ontvang		19 510	13 255
Min: Finansieringskoste		(21 013)	(19 680)
Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite		171 584	143 165
KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIWITEITE		(125 801)	(185 331)
Toevoeging tot beleggings		(79 812)	(156 729)
Belegging in geassosieerde maatskappy	5	(2 000)	–
Gerealiseerde surplusse op beleggings		47 427	72 336
Toevoeging tot eiendom, boeke en toerusting		(97 841)	(103 235)
Opbrengs uit die verkoop van eiendom, boeke en toerusting		6 425	2 297
KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE			
Toename in rentedraende lenings		3 407	8 597
NETTO TOENAME/(AFNAME) IN KONTANT- EN KONTANTEKWIVALENTE		49 190	(33 569)
KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE AAN DIE BEGIN VAN DIE JAAR		199 131	232 700
KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE AAN DIE EINDE VAN DIE JAAR	13	248 321	199 131

Vir die jaar geëindig 31 Desember 2001

	2001 R'000	2000 R'000

1. VERANDERING IN REKENINGKUNDIGE BELEID

Gedurende die jaar het die Universiteit sy rekeningkundige beleid ten opsigte van die hantering van die Stellenbosch Trust gewysig, deur dit te konsolideer ingevolge die Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk RE412: Konsolidasie – Spesialedoel-entiteite. Voorheen is die state van die Stellenbosch Trust nie ingesluit in die gekonsolideerde state van die Universiteit nie aangesien die aktiwiteite van die Stellenbosch Trust nie wesenlik deur die Universiteit beheer of beïnvloed word nie. Die ooreenstemmende bedrae is op toepaslike wyse hersaamgestel. Die effek van hierdie regstelling is soos volg:

	2001 R'000	2000 R'000
Verhoging in netto inkomste as gevolg van die konsolidasie van die Stellenbosch Trust	**19 016**	33 148
Hersamestelling van onaangewende inkomste van die vorige jaar	**258 294**	225 146

2. FONDSSALDO'S

Die opgehoopte saldo's op 31 Desember is soos volg :

	2001			2000		
	Beperk R'000	**Onbeperk** R'000	**Totaal** R'000	Beperk R'000	Onbeperk R'000	Totaal R'000
Opvoedkundig en algemeen	**364 130**	**(119 693)**	**244 437**	261 696	(122 445)	139 251
Studente en personeel huisvesting	**18 658**	**–**	**18 658**	16 927	–	16 927
Filiaal maatskappye	**10 420**	**–**	**10 420**	4 456	–	4 456
Leningsfondse	**58 953**	**–**	**58 953**	52 989	–	52 989
Skenkingsfondse	**280 881**	**146 783**	**427 664**	299 697	99 542	399 239
Vaste batefondse	**638 963**	**27 949**	**666 912**	585 811	26 662	612 473
	1 372 005	**55 039**	**1 427 044**	1 221 576	3 759	1 225 335

3. RENTEDRAENDE LENINGS

	2001 R'000	2000 R'000
Twee lenings by die Staat met verskillende rentekoerse, terugbetaalbaar in gelyke halfjaarlikse paaiemente eindigende 2012 en 2018 onderskeidelik.	**2 335**	2 430
Verskeie lenings by pensioen- en voorsorgfondse met verskillende rentekoerse en termyne, terugbetaalbaar in halfjaarlikse paaiemente.	**283**	423
Verskeie lenings by versekeringsmaatskappye met verskillende rentekoerse en termyne, terugbetaalbaar in halfjaarlikse paaiemente.	**37 773**	42 739
Verskeie lenings by ander finansiële instellings met verskillende rentekoerse en termyne, terugbetaalbaar in halfjaarlikse paaiemente.	**62 012**	62 537
Verskeie lenings by privaat individue met verskillende rentekoerse en termyne, terugbetaalbaar in halfjaarlikse paaiemente.	**94**	107
Bankoortrekkings ter finansiering van die Universiteit se onderskeie motorskemas.	**25 227**	16 081
	127 724	124 317
Min: Gedeelte terugbetaalbaar binne een jaar	**5 009**	5 935
	122 715	118 382

Vir die jaar geëindig 31 Desember 2001	2001			2000		
	Kosprys R'000	Opgelope waardever-mindering R'000	Netto boek-waarde R'000	Kosprys R'000	Opgelope waardever-mindering R'000	Netto boek-waarde R'000
4. EIENDOM, BOEKE EN TOERUSTING						
Grond	**19 511**	**–**	**19 511**	19 511	–	19 511
Geboue	**449 566**	**–**	**449 566**	431 025	–	431 025
Rekenaartoerusting	**101 372**	**47 571**	**53 801**	83 891	40 068	43 823
Ander toerusting	**225 062**	**125 417**	**99 645**	199 441	111 901	87 540
Biblioteekboeke	**108 354**	**108 354**	**–**	97 336	97 336	–
Lewende hawe	**1 510**	**–**	**1 510**	1 018	–	1 018
	905 375	**281 342**	**624 033**	832 222	249 305	582 917

Waardeverminderingskoerse is soos volg:

	2001 %	2000 %
Grond	**0**	0
Geboue	**0**	0
Rekenaartoerusting	**25**	25
Ander toerusting	**15**	15
Biblioteekboeke	**100**	100

	Grond en geboue R'000	Rekenaar-toerusting R'000	Ander toerusting R'000	Biblioteek-boeke R'000	Lewende hawe R'000	Totaal R'000
Rekonsiliasie van die drabedrag:						
Netto openingsboekwaarde	450 536	43 823	87 540	–	1 018	582 917
Toevoegings	18 541	22 454	32 692	23 662	492	97 841
Vooruitbetaling biblioteekboeke	–	–	–	(12 644)	–	(12 644)
Waardevermindering per inkomstestaat	–	(12 476)	(20 587)	(11 018)	–	(44 081)
Netto sluitingsboekwaarde	469 077	53 801	99 645	–	1 510	624 033

Die register met volledige besonderhede van grond en geboue is beskikbaar by die kantore van die Universiteit. Die markwaarde van geboue, waarop geen waardevermindering afgeskryf word nie, oorskry die boekwaarde.

Die Universiteit het al sy regte as inkomste- en kapitaalbegunstigde van Die Stellenbosch Ontwikkelingstrust gesedeer aan 'n finansieringsvennoot vir enige skulde van die Universiteit of Die Stellenbosch Ontwikkelingstrust aan die finansieringsvennoot. Op 31 Desember 2001 het die totale verpligting van Die Stellenbosch Ontwikkelingstrust aan die finansieringsvennoot R24,1 miljoen beloop, terwyl die boekwaarde van die vaste eiendom in Die Stellenbosch Ontwikkelingstrust R30,8 miljoen beloop het.

Vir die jaar geëindig 31 Desember 2001

	2001 Boekwaarde R'000	2001 Markwaarde R'000	2000 Boekwaarde R'000	2000 Markwaarde R'000
5. LANGTERMYNBELEGGINGS				
Die boekwaardes en markwaardes van langtermynbeleggings op 31 Desember is soos volg:				
Staatseffekte	176 542	184 561	162 043	178 921
Aandele	556 188	756 074	500 493	599 739
– Genoteerde aandele	554 288	754 174	499 590	598 836
– Ongenoteerde aandele	1 900	1 900	903	903
Vaste deposito's	31 317	31 557	11 499	11 813
Beleggingseiendom	1 275	1 275	1 275	1 275
Ander	83 644	85 653	91 844	95 251
	848 966	1 059 120	767 154	886 999

'n Volledige beleggingsregister is beskikbaar by die kantore van die Universiteit. Ongenoteerde aandele, skuldbriewe en die belegging in vaste eiendom, word deur die Raad teen boekwaarde gewaardeer.

'n Vasgestelde jaarlikse bedrag van die Universiteit se langtermynbeleggings, R18,2 miljoen vir die jaar geëindig 31 Desember 2001, is gesedeer aan 'n finansieringsvennoot vir enige skulde van die Universiteit aan die finansieringsvennoot, ingevolge die onderverhurings- en deposito-ooreenkomste met die finansieringsvennoot. Hierdie sessie eindig op 31 Desember 2008.

Die langtermynbeleggings: Ander sluit die volgende beleggings in geassosieerde maatskappye in:

Naam	Aantal aandele	Belang	Aard van bedrywighede
Unistel Geneeskundige Laboratoriums (Edms) Bpk	350	35%	Verskaf genetiese, diagnostiese en ander toetse.

	2001 R'000	2000 R'000
Belegging in geassosieerde maatskappy aan die begin van die jaar	823	674
Aandeel in geassosieerde maatskappy se verdienste	26	149
Aandeel in verdienste voor belasting	263	213
Belasting	(97)	(64)
Dividende ontvang	(140)	–
Belegging in geassosieerde maatskappy aan die einde van die jaar	849	823

Hierdie ongenoteerde belegging word deur die Raad teen boekwaarde gewaardeer.

Die bates, laste en resultate van bedrywighede van die geassosieerde maatskappy is soos volg:

Aanleg en toerusting	1 309	1 647
Bedryfsbates	1 545	1 616
Totale bates	2 854	3 263
Nie-bedryfslaste	50	226
Bedryfslaste	235	541
Totale laste	285	767
Inkomste	3 693	3 054

Vir die jaar geëindig 31 Desember 2001

Naam	Aantal aandele	Belang	Aard van bedrywighede
5. LANGTERMYNBELEGGINGS (vervolg)			
Sun Space & Information Systems (Edms) Bpk	1 500	13,44%	Vervaardiging van satelliete

	2001 R'000	2000 R'000
Belegging in geassosieerde maatskappy gedurende die jaar	75	-
Aandeel in geassosieerde maatskappy se verdienste	1 259	-
Aandeel in verdienste voor belasting	1 929	-
Belasting	(595)	-
Dividende ontvang	(75)	-
Belegging in geassosieerde maatskappy aan die einde van die jaar	1 334	-

Hierdie ongenoteerde belegging word deur die Raad teen boekwaarde gewaardeer.

Die gemiddelde bates, laste en resultate van bedrywighede van die geassosieerde maatskappy is soos volg:

Aanleg en toerusting	1 135	-
Nie-bedryfsbates	1 426	-
Bedryfsbates	30 634	-
Totale bates	33 195	-
Bedryfslaste	23 267	-
Inkomste	16 601	-

Die langtermynbeleggings: Ongenoteerde aandele sluit die volgende belegging in geassosieerde maatskappy in:

Naam	Aantal aandele	Belang	Aard van bedrywighede
USB Bestuursontwikkeling Bpk	9 000 000	64,1%	Ontwikkel en bied bestuursontwikkelings-programme aan en verskaf konsultasiedienste

Aangesien die Universiteit nie die aktiwiteite van USB Bestuursontwikkeling Bpk beheer nie en die direkteure van USB Bestuursontwikkeling Bpk voorsien dat die Universiteit se belang op die kort termyn tot minder as 50% gaan daal, word die maatskappy as 'n geassosieerde maatskappy gehanteer.

	2001 R'000	2000 R'000
Belegging in geassosieerde maatskappy gedurende die jaar	2 000	-
Addisionele aandelepremie as vergoeding vir Universiteit se handelsmerk	7 000	-
Min: Afskrywing van belegging met vergoeding vir handelsmerk	(7 000)	-
	2 000	-
Aandeel in geassosieerde maatskappy se verlies	(2 948)	-
Aandeel in verlies voor belasting	(3 833)	-
Belasting	885	-
Belegging in geassosieerde maatskappy aan die einde van die jaar	(948)	-

Vir die jaar geëindig 31 Desember 2001

	2001 R'000	2000 R'000
5. LANGTERMYNBELEGGINGS (vervolg)		
Die direkteure is tevrede dat die maatskappy op die lang termyn winsgewend gaan wees.		
Hierdie ongenoteerde belegging word deur die Raad teen boekwaarde gewaardeer.		
Die gemiddelde bates, laste en resultate van bedrywighede van die geassosieerde maatskappy is soos volg:		
Nie-bedryfsbates	6 980	-
Bedryfsbates	1 540	-
Totale bates	8 520	-
Bedryfslaste	118	-
Inkomste	11 478	-
6. DEBITEURE EN VOORUITBETALINGS		
Studentegelde	15 091	13 591
Studentegelde verskuldig	19 898	17 168
Min: Voorsiening vir oninbare studentegelde	(4 807)	(3 577)
Studentelenings	27 749	22 306
Studentelenings verskuldig	29 249	23 806
Min: Voorsiening vir oninbare studentelenings	(1 500)	(1 500)
Owerheidsdebiteure	5 196	2 099
Motorlenings	10 337	11 675
Rente ontvangbaar op beleggings	6 894	9 849
Ander	40 347	25 204
	105 614	84 724
7. HANDELS- EN ANDER KREDITEURE EN VOORSIENINGS		
Voorsiening vir verlofgratifikasie	20 748	17 255
Studentegelde vooruit ontvang	9 330	8 877
Ander	31 000	33 801
	61 078	59 933
8. KAPITAAL VERPLIGTINGE		
Die volgende verpligtinge het op 31 Desember 2001 bestaan ten opsigte van kapitale kontrakte aangegaan, of bestellings geplaas met betrekking tot geboue, biblioteekboeke en -tydskrifte, toerusting en bedryfsvoorrade:		
Geboue	9 567	4 279
Biblioteekboeke en -tydskrifte	1 374	1 707
	10 941	5 986

Vir die jaar geëindig 31 Desember 2001

	2001 R'000	2000 R'000
9. PERSONEELKOSTE		
- Vergoeding en byvoordele	433 241	373 245
- Voorsiening vir na-aftrede mediese voordele	(12 140)	28 200
	421 101	401 445

Die gemiddelde aantal voltydse werknemers per maand is 2 524 (2000: 2 396).
Die gemiddelde aantal deeltydse werknemers per maand is 1 066 (2000: 977).

Vergoeding, groter as R474 999, betaal aan senior bestuur en administratiewe personeel en gebasseer op die totale koste van indiensneming vir die Universiteit, is soos volg:

Interval	Aantal	Gemiddelde waarde R'000
474 999 - 550 000	11	520
550 001 - 650 000	3	580
650 001 - en groter	6	762

Buitengewone betalings aan senior bestuur en administratiewe personeel groter as 'n gemiddelde waarde van R199 999 is soos volg:

Aard van betaling	Aantal	Gemiddelde waarde R'000
Opgehoopte verlof	2	316

Geen vergoeding is gedurende die jaar aan Raadslede betaal vir die bywoning van raads- en komiteevergaderings nie.

10. ANDER BEDRYFSKOSTE is bereken na inagneming van die volgende uitgawes:

WAARDEVERMINDERING	44 081	42 329
- Rekenaartoerusting	12 476	10 594
- Ander toerusting	20 587	14 755
- Biblioteekboeke	11 018	16 980
HUUR	15 088	12 225
- Geboue	10 730	8 976
- Toerusting	4 358	3 249
ONDERHOUD EN HERSTELWERK	35 376	30 974
OUDITEURSVERGOEDING	1 189	1 081
- Vir oudit	498	493
- Huidige jaar	454	476
- Ondervoorsiening vir vorige jaar	44	17
- Vir ander dienste	691	588
WISSELKOERSVERLIES	-	82

Vir die jaar geëindig 31 Desember 2001

	2001 R'000	2000 R'000
11. RENTE EN DIVIDENDE ONTVANG		
Rente ontvang		
- bedryfsbeleggings	26 270	22 066
- nie-bedryfsbeleggings	35 155	35 595
- ander	9 009	7 752
Dividende ontvang	18 041	14 141
	88 475	79 554
12. REKONSILIASIE: Inkomste met kontantvloei:		
Netto inkomste volgens die inkomstestaat	201 709	153 654
Aansuiwerings vir:		
Beleggingsinkomste	(137 039)	(152 865)
Finansieringskoste	21 013	19 680
Opbrengs uit die verkoop van eiendom, boeke en toerusting	(6 425)	(2 297)
Voorsiening vir verlofgratifikasie	3 493	(4 067)
Voorsiening vir na-aftrede mediese voordele	(12 140)	28 200
Voorsiening vir oninbare studentegelde en -lenings	1 230	1 594
Waardevermindering	44 081	42 329
Wisselkoerswins	(8 111)	-
Bedryfsinkomste voor bedryfskapitaalveranderings	107 811	86 228
Verandering in bedryfskapitaal	(6 643)	(6 235)
Toename in debiteure	(1 365)	(2 514)
Afname in debiteure vir uitstaande beleggingsinkomste	(1 818)	(2 324)
Toename in voorraad	(870)	(653)
Afname in krediteure	(2 590)	(744)
Kontant deur bedrywighede voortgebring	101 168	79 993

13. KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE

Kontant en kontantekwivalente bestaan uit kontant voorhande, saldo's by banke en beleggings in geldmarkinstrumente.

Kontant en kontantekwivalente wat by die kontantvloeistaat ingesluit is, bestaan uit die volgende balansstaatbedrae:

Gunstige banksaldo's	54 066	42 657
Korttermynbeleggings	195 752	164 404
	249 818	207 061
Oortrokke banksaldo's	(1 497)	(7 930)
	248 321	199 131

Vir die jaar geëindig 31 Desember 2001

14. FINANSIELE RISIKOBESTUUR

BUITELANDSE VALUTA

Die Universiteit het blootstelling aan buitelandse valuta, maar 'n omsigtige benadering met betrekking tot vooruitdekking word gehandhaaf. Tans bestaan geringe blootstelling en derhalwe geen valutatermynkontrakte nie.

Die volgende bedryfsbates en -laste vir buitelandse valutatransaksies, soos aangetoon in die balansstaat, is nie met valutatermynkontrakte vooruit gedek nie:

	Buitelandse valuta 2001 '000	Randwaarde 2001 R'000	Buitelandse valuta 2000 '000	Randwaarde 2000 R'000
HANDELSDEBITEURE				
USD	21	251	15	118
HANDELSKREDITEURE		1 018		758
AUD	1	6	-	-
DEM	-	-	2	7
EURO	14	154	-	-
GBP	11	195	12	137
NLG	-	-	137	457
USD	55	663	20	157
Netto buitelandse valuta verpligting		767		640

RENTEKOERSE

Die rentekoerseienskappe van nuwe en bestaande lenings word op 'n deurlopende basis hersien. Die Universiteit het tot 31 Desember 2001 geen ooreenkomste met betrekking tot rentekoers-afgeleide instrumente gesluit nie.

KREDIETRISIKO

Potensiële kredietrisiko bestaan hoofsaaklik ten opsigte van uitstaande studentegelde en -lenings, handelsdebiteure en kontantmiddele. Studente met uitstaande studentegelde en/of agterstallige studentelenings, word nie toegelaat om vir 'n volgende akademiese jaar te registreer of 'n graadsertifikaat te ontvang nie. Handelsdebiteure bestaan uit 'n groot hoeveelheid klante en hulle kredietwaardigheid word deurlopend deur die Universiteit geëvalueer. Die Universiteit belê kontantsurplusse slegs by finansiële instellings met hoë kredietwaardigheid. Die Universiteit is van mening dat daar op 31 Desember 2001 geen wesenlike kredietrisiko was waarvoor daar nie voldoende voorsiening gemaak is nie.

15. AFTREEVOORDELE-INLIGTING

BYDRAES TOT DIE PENSIOENFONDS VIR GEASSOSIEERDE INRIGTINGS (PGI)

Die fonds word deur die Staat geadministreer; dus word 'n aktuariële waardasie nie deur die Universiteit vereis nie.

BYDRAES TOT DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH AFTREDEFONDS (USAF)

Werknemers wat nie lede is van die PGI-pensioenfonds nie, moet aansluit by die Universiteit Stellenbosch Aftredefonds, wat ontstaan het op 1 November 1994.

USAF, wat beheer word deur die Wet op Pensioenfondse van 1956, is 'n omskrewe bydraeplan vir permanente werknemers van die Universiteit. Die Fonds word minstens elke drie jaar gewaardeer deur onafhanklike aktuarisse. Die tekort wat ontstaan het met die oorskakeling vanaf PGI word befonds deur die werkgewer. Die waardasie op 1 Januarie 2001 toon dat die tekort befonds moet word deur addisionele werkgewerbydraes van R12,1 miljoen per jaar vir 'n termyn van drie jaar. Die ledetal van USAF beloop 2 212 op 1 Januarie 2002. Die bydraekoers beloop 16,78% van pensioengewende verdienste en die bydrae na die aparte Ongeskiktheid-inkomsteversekeringskema beloop 0,59%. Die aktuarisse het verklaar dat die Fonds finansieel gesond is.

NA-AFTREDE MEDIESE VOORDELE

In ooreenstemming met huidige personeelpraktyk, word bydraes tot die mediese fonds gemaak vir afgetrede werknemers. Die verpligting word minstens elke drie jaar aktuarieel bereken deur die onafhanklike aktuarisse en op 'n jaarlikse basis hersien. Die aktuariële waardasie op 31 Desember 2001 toon 'n verpligting van R198,0 miljoen. Die volgende aktuariële waardasie sal nie later nie as 1 Januarie 2005 gedoen word.

Vir die jaar geëindig 31 Desember 2001

	2001 R'000	2000 R'000

15. AFTREEVOORDELE-INLIGTING (vervolg)

Die aktuariële waardasiemetode is die geprojekteerde eenheidskrediet-metode. Die hoof aktuariële aannames is die volgende:

- beleggingskoers : 11,5%
- mediese inflasie : 9,5%
- salaris inflasie : 8,0%
- gemiddelde aftree-ouderdom : 59
- voortsetting by aftrede : 100%

Rekonsiliasie van die drabedrag:

Verpligting aan die begin van die jaar	224 420	196 220
Aanpassings in die inkomstestaat:		
– Toename as gevolg van aktuariële hersiening	–	28 200
– Afname as gevolg van wysiging in aktuariële aannames	(21 420)	–
– Toename as gevolg van die besluit om die eenmalige afname in die voorsiening, as gevolg van 'n wysiging in die aktuariële aanname dat die marge tussen die beleggingskoers en die mediese inflasie van 1 na 2 persentasiepunte toeneem, oor drie jaar in te faseer	14 280	–
– Afname as gevolg van verandering in opsies van mediese fonds	(5 000)	–
Verpligting aan die einde van die jaar	212 280	224 420

Die verpligting aan die einde van die jaar is soos volg verdeel:

– Voortgesette lede	107 000	135 420
– Lede in diens	91 000	89 000
– Infasering van aktuariële afname	14 280	–
	212 280	224 420

Die verwagte toename in die verpligting vir die volgende twaalf maande vir lede in diens is R5,1 miljoen.

Geen bates is afsonderlik geallokeer om die verpligting op jaareinde te befonds nie.

16. INKOMSTEBELASTING

Die Universiteit Stellenbosch is vrygestel van normale inkomstebelasting.

17. VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKHEDE

Die Universiteit is 'n verweerder in 'n hangende geding wat voortspruit uit 'n huurooreenkoms. Die uitslag van die saak is onseker, maar die maksimum moontlike aanspreeklikheid vir die Universiteit kan R700 000 beloop.

18. VERWANTE PARTYTRANSAKSIES

Transaksies met verwante partye sluit die betaling vir administratiewe dienste en finansieringskoste in sowel as beleggingsinkomste verdien.

Die Universiteit en sy filiale het gedurende die jaar in die gewone loop van sake onderlinge ooreenkomste aangegaan, sowel as ooreenkomste met ander belanghebbendes. Hierdie transaksies het almal plaasgevind teen markverwante koerse.

Belanghebbendes het gedurende die jaar geen wesenlike belang gehad in enige ooreenkoms van beduidenis met die Universiteit of enige van sy filiale, wat tot 'n konflik van belange kan aanleiding gee nie.

Universiteit van Stellenbosch
Victoriastraat, Stellenbosch
Privaat Sak X1, Matieland, 7600

Tel.: (021) 808 9111 **Faks:** (021) 808 4499
Webadres: http://www.sun.ac.za **E-pos:** webinfo@maties.sun.ac.za

ISSN: 1025 8302 **ISBN:** 0 7972 0904 2

Ontwerp en produksie: Graphicor - 27289
Fotografie: Anton Jordaan (SSFD), Erhardt Thiel, Ivan Volschenk (iphotographic)
Ouditeure: PricewaterhouseCoopers Ing., Stellenbosch
Drukker: US Drukkery


Pectora roborant cultus recti